# Chinatown

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

Ronelda Kamfer

November 2018

**Chinatown intro**

ek try hard om myself te express elke Sondag kom my familie my visit en ek kry permission om vir twee ure die hospital te verlaat dan gaan ons Chinatown toe my ma vir some reason soek elke Sondag ʼn nuwe duvet cover of comforter set ek bring my plastic container met my *Valium Lithium Atarax Zopimed* en *Epilim* saam my suster sneak vir my rum of vodka in ʼn waterbottel en ons luister CCFM se bad quality sound frequency of P4 radio se old school love songs my ma vra my wat die dokter sê ek antwoord haar stadig want my tong is opgeswel van al die pille hy sê ek sukkel om myself te express…

“It will be hard James but you come from sturdy peasant stock men who picked cotton and dammed rivers and built railroads and in the teeth of the most terrifying odds achieved an unassailable and monumental dignity You come from a long line of great poets some of the greatest poets since Homer. One of them said "The very time I thought I was lost My dungeon shook and my chains fell off." You know and I know that the country is celebrating one hundred years of freedom one hundred years too soon. We cannot be free until they are free. God bless you James and Godspeed.”

― James Baldwin, The Fire Next Time

“The overwhelming majority of women accept the patriarchy and protect it. Traditionally, the violated wife offloads her aggression onto the daughter-in-law. Men dominate women through the agency of women themselves.” Winnie Madikizela Mandela

# Inhoudsopgawe


**Blakey Boy** .......... **7**

**Dad porn** .......... **8**

**Chinatown Daddy** .......... **9**

**boujee boys en Rothmans rooi** .......... **10**

**séance** .......... **11**

**404 error code not found** .......... **12**

**w is vir wit** .......... **13**

**nomakanjani** .......... **14**

**DIY 3 step rape kit** .......... **15**

**terrorist attack** .......... **16**

**Miss Demon** .......... **17**

**vir dié wat liefde soek** .......... **18**

**ek soek nie 'n plek langs die tafel nie** .......... **19**

**Straatmeid** .......... **20**

**Young adult** .......... **21**

**Mr Lonely** .......... **22**

**Chinatown op 'n Sondag 2** .......... **23**

**safe word** .......... **24**

**bitter bier** .......... **25**

**Miss Militancy** .......... **26**

**Prince Myshkin** .......... **27**

**Ol' money** .......... **28**

**o mere sona re** .......... **29**

**fokkit, is festive!** .......... **30**

**deflowers en tracksuit tops** .......... **31**

**dad misogyny** .......... **32**

**Dad jokes** .......... **33**

**Generation wealth** .......... **34**

**Moenie my misverstaan nie 1** .......... **35**

**divorce dodger** .......... **36**

**passive** .......... **37**

**feelings** .......... **38**

**laat wit meisies huil** .......... **39**

**Chinatown op 'n Sondag 3** .......... **40**

**ride or die** .......... **41**

**Contra** .......... 42
**Endor** .......... 44
**ek was nog nooit die virginal type nie** .......... 45
**My poems is nie confessions nie** .......... 46
**Red Virgin** .......... 47
**Try die** .......... 48
**Mr Brown en sy pyn Barbie** .......... 51
**Stamps opplak** .......... 54
**Bely bely en laat staan, jy moet bely en laat staan** .......... 56

**Chinatown op ’n Sondag**

ek en my sister sit en kou valiums agter in die kar terwyl my pa petrol ingooi my ma het nog haar hele kerkoutfit aan

my mond voel droog en Allisen gee my ’n suigie van haar apple munch bombie ek draai die ruit af en lê met my kop teen die venster die wind waai die sweet koud en my gesig voel koel ons draai in by Crescent clinic

**Blakey Boy**

my vriend Blake se pa kom sit vandag in op die group session
Blake se pa is ʼn Bellville boer stereotype
hy laat my cornrows en teardrops boujee lyk
Blake is in trane en sê vir sy pa
daddy I do love you but you were an absent father
Blake se pa sit sy hande oor sy gesig
en vryf sy oë soos ʼn experienced barman ʼn draft glass blink vryf
net die eenkant van sy gesig is rooi-pienk
sy stem dreun soos generator
no my boykie
you cant say dat about your ol man
is very much not fair
I am many bad things and I can staan for dat but absent vader is not applicable to me
I swear on my ma se graf
I was never absent
not one day in my life
maybe you can say I was absent minded
dat can be true but not absent vader
me I approach vadering my kids like a duty
I am always there
present and in attendance
No Blakey boy your daddy was never absent
Blake het ʼn jaar later op sy Concerta en Valium ge-od

**Dad porn**

ek en Allisen en my ma sit in die kombuis en drink Brutal fruit
my ma vertel vir ons dat sy ŉ VHS tape in my pa se kas gekry het
met porn op
sy het net gesien die twee Japanese skoolmeisies begin aan mekaar se têtte vat
toe bars sy uit van die lag
my pa het kwaad geraak toe sy hom vra wat se kak hy kyk
Allisen sê sy dink my pa het ŉ Japanese skoolmeisie-fetish
my ma verstik aan haar sultry strawberry drink
Nee fok hy is spuls annemens fetish oor die skoolboeke
wat hy nie kon gelees het nie
ek en Allisen lag
en nou lag sy en my ma vir my
wat lag soos Ray Liotta in Goodfellas
my pa kom uit die kamer gestap met ŉ checkse trunkie en wit sokkies
hy is in ŉ bad mood
ons is bietjie dronk en ons is nie bang vir sy mood nie
hy sê my ma moet sy hemp stryk
my ma sê nee wag ek is vol van die Brutals fruit
ons lag soos dronk meisies lag as iemand teen ŉ muur vasloop
my pa vra nie vir my nie
want ek glo nie in stryk nie
Allisen is ŉ mossagemeid so hy kyk haar nie eens aan nie
hy stap verby ons met sy hemp tot by die strykplank
wanneer hy klaar is los hy alles netso en stap kamer toe
my ma sê vir hom
jy lyk amper soos ŉ Japanese skoolmeisie in daai porn stukke in jou kas
my pa gooi die kamerdeur toe maar dit waai oop soos ŉ saloon swingdoor
omdat hy noggie die handvatsel reggemaak het nie

**Chinatown Daddy**

my pa is wat gebeur as wit mans wit vrouens afknou
sy manlikheid is die tease wat wit mans gebruik om wit vrouens jaloers te maak

my pa se strength is in sy sophisticated use van tone en projeksie
die way wit mans hulle suit baadjies se middelknoop vasmaak as hulle opstaan agter hulle desks

my pa se style kry hy in Blaxploitation films
en die invisible macho-ism van ’n tronk gangster

my pa follow die leftovers van die wit man se toxic masculinity
my pa is trauma se experimental phase
my pa se legacy gaan wees: die side chic van wit manlikheid
my pa is die definition van fake iPhone

my pa se favourite Sunday hangout is Chinatown
want hy relate aan die fakeness van wealth
die shiny kak wat jou oë brand en die reuk van uselessness

**boujee boys en Rothmans rooi**
*vir Nathan*

kry vir jou ʼn boujee boy
een met ʼn goue chain en navy olas
een wat taxi vat en sy change vir sy ma gee
kry vir jou een wat sy pa slaan as hy sy hande lig vir sy ma
ʼn boujee boy met ʼn fresh fade wat by Texies sit en vir jou die middelcut gee

kry vir jou een wat sy night terrors ʼn secret hou en los entjies rook sonder om te nip
maak sy taal jou litmus test
hou sy hand vas want die ghetto is vol dementors
lees saam Celine en Dostoyevsky
en worship die empty space tussen PTSD
fight die power en bou die empire
vat alles saam met julle
die vuil sand van julle history die scars van die parkie
die smaak van die Blacklabel en rook saam uit dieselfde pakkie Rothmans rooi
want as julle survive cheer die wind en die see kalmeer

**séance**

my kind is into dark shit
soos haar ma
ons idolize die evil queens en
ek leer haar dat die
good witch maar net ŉ bad
witch is met ŉ medical aid

ek en sy lê op die kooi
en sy séance my dooie ma
sy vra wat my fear is
ek smile en sê
babygirl
jou
mammie is fearless

**404 error code not found**

as die nice parent doodgaan
voel dit soos jou favorite baas gaan dood en nou moet jy
vir die 2IC luister
my pa is die dark lord in al my stories
hy is elke dag se bad moments
my pa se hele lewe revolve
rondom sy pride
alhoewel hy maar net ŉ
lost boy is sonder Peter Pan
sy neverland is debt
ŉ decent medical aid
ŉ dooie vrou wie haar
standard moes lower
oor sy dertig en childless was
in die 80s
my ma het gesettle vir
ŉ hyperlink van ŉ page
wat nie meer bestaan nie
en nou sit ek met die error code

**w is vir wit**

ek leer vir my kind gang signs met haar flashcards
sy leer die abc's van white supremacy op 'n tune
van Sesame street
ek was haar hare met sage
en leer vir haar van haar ancestors
ek leer haar van vuur en van oorlog
en ek leer vir haar
om net genoeg kos te maak om te eet
ek is die ma wat ek nie gehad het nie
sy is die kind wat my ma nooit gekry het nie

**nomakanjani**

my suster is vanaand die mooiste meisie op die jaart
ek is die enigste meisie op die jaart wat Gogol en Dostoyevski gelees het
ons koop ŉ kis Blacklabel en sit in ŉ hoekie
uncle Stevie charge ons nie vir die glas nie
want ons is sy regulars net soos
Tiger die 70-year-old bricklayer en Piele die jaarthand
ons drink tot die kis halfpad is en my suster en haar tjommie
Elaine gooi geld in die juke box
wanneer Brenda Fassie
se husky pain drenched voice deur die speakers dreun
spring ons almal op
ons maak ŉ sirkel rondom Tiger en dans
en ek weet ek is die enigste meisie op die jaart
vanaand
wat nooit die moment gaan vergeet nie

**DIY 3 step rape kit**

1. jy gaan was
2. jy internalize alles
3. jy sit wakker saam met jou paracusia

**terrorist attack**

in ’n hotelkamer in Istanbul
gooi ’n man my op
die vloer
druk my gesig in die mat

en verkrag my

buite op Taksim
gaan ’n bom af
ek bel my ma
en vertel haar net
van die een aanval

die een wat sy op CNN
kan volg

**Miss Demon**

ek dra my demons
soos goue bamboo earrings in
ʼn Missy Elliot video
ek sit en drink Gin & Tonic
saam met Ammut en sy
wys my wie pure is

ek gee my demons troetelname
en treat hulle goed

soos ʼn ma met ʼn blindspot

**vir dié wat liefde soek**

dra jou armgeit soos 'n furcoat
smeer jou shame in jou vel
soos fyngemaakte lente bloeisels
huil oor almal wat jy aan die
dood afstaan
asof
jy vergeet het om die vrede in die kosblikkie
onder in die kas
saam met hulle te stuur

**ek soek nie ’n plek langs die tafel nie**

ek soek nie ’n plek
langs ’n womens enfranchisement act tafel wat
in 1930 geset was vir wit vrouens
alleen nie

**Straatmeid**

moenie glo wat hulle van jou sê nie
moenie lees wat hulle lees nie
hang vir Ingrid Jonker aan die swastikas wat sy teen
die boom uitkerf
moenie glo dat niemand nie gehou het van apartheid nie
moenie vriende maak met hulle kinders nie
moenie vergeet van Verwoerd Hertzog en al
die ander wat nie sorry gesê het nie
onthou dat jou ma en pa nie jou
naam gegee het nie
onthou dat ŉ wit vrou ŉ wit man is
onthou dat almal nie dieselfde is nie
onthou slavery
onthou colonialism
elkedag
onthou apartheid
onthou apartheid
onthou waar jy vanaf kom
onthou daai elkedag
sodat niemand jou ooit hoef te remind nie

**Young adult**

**Gen:** "*Young one, what is it you seek?*"

**Chun-Li:** "*It does not matter, you can't help.*"

**Gen:** "*I could teach you.*"

**Chun-Li:** "*Out of my way, I'm looking for someone.*" *- Street Fighter Alpha 2*

ek het my hele young adulthood gespend
om te try en die straight en narrow te redefine
my childhood idols
was Chun-li   Katana
en Storm
maar my goal
was nie righteous nie
ek was op ʼn journey to coolness
die type van coolness
net vir coloured meisies
met boys cuts
piercings en cheap
tattoos

**Mr Lonely**

my pa se lewe is
ʼn tragic tale van odds
sy eerste ringtone
was Akon se Mr Lonely
hy is ʼn orphan
met family values
hy het ons try mould
into daai storie
wat hy nie kan lees nie
in sy twenties was hy cool
sy thirties was sy mandrax
en hard liquor phase
toe gan soek hy sy lineage
en force ons om NG kerk
toe te gaan
toe try hy om respectable te word
en model homself op
my oupa
maar my oupa was ʼn O.G
en my pa ʼn mule vir patriarchy
aan die einde van my pa
se lewe sit hy waar hy behoort
hy lewe nog maar hy is klaar

## Chinatown op ’n Sondag 2

my pa sê vir my
nou moet jy ’n slag regkom
jy kan nie malgeit vir meer
langer doen nie
ek sê ek is nie mal nie
ek is depressed en suicidal
hy sê jy glo te veel wat die wit mense sê
ek klim uit die kar uit en sê
is net die wit mense wat my glo
as ek hulle van jou sê

**safe word**

soms is die spieël
die ding wat alles reveal
dan sien ek myself
daar waar ek vir dood
agtergelaat was

**bitter bier**

my suster het die habit
om te skrie bitter bier bitter bier
as sy regtig lus is vir suip
dan koop ons ses Blacklabels
en ons drink soos mense
wie se big break wag in die
laaste glas
maar al wat ons kry
is die courage om hard te lag en stupid
goed te sê soos
die Here hoor my en
moenie trou met die glas nie
ons disguise ons resentment vir mekaar
in compliments
en ons pretend ons kan nie sonder mekaar
klaarkom nie

**Miss Militancy**
Vir Meena Kandasamy

ek lewe al lank genoeg om te weet
integrity is vir mense wat dink
hulle is beter as ander
ek het as kind my virtues
getrade vir die freedom van my vices

**Prince Myshkin**

my therapist is te jonk
ek is te oud vir feelings
ek sê vir hom die
medikasie doen niks
ek sê vir hom daar
is ŉ gat in die middel van my wêreld
soms is ek Prince Myshkin
en ander tye is ek Jack Torrance
hy sê ek praat te literary
ek sug ek is nie bang
vir die fokken void nie
ek is die fokken void
hy sê ek is defensive
ek sê hy het hobbies
hy vra my waarom ek so stubborn is
ek vra hom hoeveel van sy patients
suicide commit het
hy vra of ek lief is vir enige iets
ek sê ek is lief vir baklei

**Ol' money**

die dag wat my bursary inbetaal is

was daar 'n -R47 in my savings account

my eerste purchase was twee brode kaas 'n sakkie melk 'n halfdosyn eiers

'n pakkie Rothmans R12 vodacom en R50 se krag

by die huis het ek my earphones ingesit

terwyl almal eet

en Big Mama Thornton geluister

*'Hard luck and trouble is my only friend*
*I been on my own ever since I was ten*
*Born under a bad sign*
*I been down since I begin to crawl*
*If it wasn't for bad luck, I wouldn't have no luck at all'*

**o mere sona re**

ek try om nice te wees
met die meisie in die taxi
ek help haar met haar sakkies
maar sy kyk my aan asof
ek kak is
die taxi guard hang oor haar
want die van is vol
die driver sit die music aan
en Asha Bhosle se random
Cape Flats hit screech
deur die taxi
die meisie met die evil eye
begin saam sing
Naarie son naarie son naarie
nou is dit my turn om my kop te skud
en te lag
die taxi guard vra haar 'wiet jy wat jy sing'
ek dink by myself
hou op nice wees
met mean mense

**fokkit, is festive!**

moenie jou xmas geld voor breaking up uitsuip nie
hou geld vir die kinders se skool goed
moenie die xbox koop nie
luister vir jou sturvy suster
die een wat altyd geld het
jy gaan nie eens kerk nie
maar jy gooi party vir white baby Jesus
niemand need daai amount van 2liter cokes nie

maar moenie vir my luister nie
ek weet is die enigste tyd van die jaar
wat ons lewe asof daar ʼn môre is

**deflowers en tracksuit tops**

as jou ouma vir jou sê
wag vir die huwelik
sê vir haar head is amazing
as die kerk mense sê
die vrou verlei die man
sê vir hulle jou body count
is meer as jou boyfriend sin
as jou weird uncle praat van
die gays
wys hom jou strap-on
as jou antie wat net mansklere dra daar aankom
invite haar saam pride toe
as die pa van jou kind sy nuwe
baby mama physically abuse
leer haar hoe om met kookwater te skiet
en as iemand
aan jou vat
en sê moet vir niemand sê
nie
sê vir almal
iemand gaan eendag vir jou luister

**dad misogyny**

dad misogyny is
as jou pa
jou ma by
die stasie gaan
optel
en
die
trein
is laat
en al wat hy doen is
gooi sy seat plat
en
vat
’n
Powernap

**Dad jokes**

my pa is obsessed met mob films
ek het eendag gesê
Dad geniet darem
die afknouerige witmans
toe threaten hy om my vrek
te klap
toe vra hy of ek dink hy is ŉ gay
toe sê ek nee
I was referring to die patriarchy

**Generation wealth**

al my wit liberals sê nigga
ek feed op hulle nervous energy
ek laat hulle dink ek is ’n
high ranking black
ek wag tot hulle
die woord coloured sê
sonder die awkward liberal head tilt
dan laat ek hulle feast aan hulle
final meal van Mohammad Ali compliments
dan denounce ek Leonard Cohen en sê Eminem is nie
’n goeie rapper nie

**Moenie my misverstaan nie 1.**

my suster krap in my boeke en grawe ʼn fucked up copy van Santagamka uit sy vra of Gert Vlok Nel die boek geskryf het ek lag en sê nee hy sing daai beautiful Beaufort -Wes song AWE! daai is ʼn gevaalike song moenie my misverstaan nie boere-musiek is kak versin but daai Beaufort-Wes nommertjie is nomme sê sy terwyl sy Santagamka trug druk tussen my boeke

**divorce dodger**

my pa stap rond met die confidence
van ŉ man wat amper alles verloor het
hy het lag-lag my ma se huis verkoop
al haar roach-infested furniture het hy vir my gebring
haar klere in swart sakke op die backseat
hy het met ŉ ligte bruin corduroy jacket
duur cologne en ŉ breë smile weggery in sy nuwe kar

jare later sit ek weer in sy kar op pad na sy roach-infested flat toe
met ŉ klomp Shoprite-sakkies vol kos op die backseat
sy smile was weg sy corduroy jacket het iena sweet gestink

**passive**

*I’m not sorry. I will never be sorry. I would do everything I did again if I had to. Everything.”  Winnie Madikazela Mandela*

ek is passive aggressive tot
iemand praat van my hare
dan kam ek deur jou soos
ŉ colorist ouma
ŉ donker van kleur kleinkind
met 4c hare

ek is passive aggressive tot
iemand vra of my katte op my
kooi slaap
dan krap ek jou deurmekaar
soos my ma se Tupperware kas

ek is passive aggressive tot
iemand vir my vra hoekom arm mense
so baie geld waste op expensive sportbrands
dan zip ek jou op soos my Adidas Beckenbauer top

ek is passive aggressive tot
iemand my vra hoekom is ek so
passive aggressive
dan turn ek op hulle soos
jou impatient uncle
sy kar se stierwiel draai
as hy ŉ U-turn maak

**feelings**

moenie so hard
probeer om te smile nie
sit die lig af
trek die gordyne toe
dink bad thoughts
maar
moenie opgee nie
is net ŉ feeling

**laat wit meisies huil**

die purity van die wêreld is in
die secret formula van
witmeisie trane
my trane is swaar en besoedel

**Chinatown op ’n Sondag 3**

die counselor staan op en sê ’n paar motiverende woorde aan almal van ons oppad op ons journey na self love en sobriety

sy hand bewe en sy gesig is clammy hy roep my vorentoe sit sy klam hand op my skouer en smile Ronelda was moeilik maar sy het dit gemaak die journey is nie ’n einde nie die is die begin dit vat moed om self love te allow binne within you hy soek ’n paar woorde van my af ek sê awkwardly ek is nie stukkend nie niemand is stukkend nie

almal klap vir my hande my ma side eye my van die agterste ry af terwyl ons uitstap sê sy ons pop gou hier by Chinatown in ek wil ’n paar boots gaan koop

in die klein stuffy winkel pas sy boots aan die een paar wat sy wil koop se zip is faulty sy pose in die spieël en sê ek like dit is nie stukkend nie niemand is stukkend nie sy en Allisen bars uit van die lag ek smile en skud my kop julle is stupid

**ride or die**

*"A man belongs to the woman that feeds him."*

*"Bullshit," Aunt Alma insisted. "It's the other way around and you know it. It's the woman belongs to the ones she feeds"  -Bastard out of Carolina, Dorothy Allison*

moenie laat die ghetto jou brainwash nie

jou waarde is nie in hoe happy jy jou

deadbeat boyfriend kan maak nie

moenie dat jou ma en pa se relationship codes

jou influence nie

affection is nie vir jongmense nie

moenie dat jou peers jou mislead nie

ŉ 1970s Datsun in 2018

is nie omdat hy binkop is nie

is omdat hy nie verder as die pivvie saam jou gaan ry nie

moenie dat hip hop vir jou laat ride or die nie

wees gesond en try om lank te lewe

**Contra**

my nefie speel Contra
my pa hardloop voor my ma in die gang af
ek staan in die kombuis
my ma stap stadig verby
die reuk van garlic volg haar

sy kom terug en skuif die krale wat in die kombuis entrance hang uit die pad uit

ek het met hom gepraat
sy wys my die opgefrommelde brief wat ek vroegoggend
in haar sak gesit het
ek kyk nie op nie

sy sê, ek het baie hard met hom gepraat
sy try om sag of sensitief te wees toward my
sy sê hy sal nie weer aan jou vat nie
ek het hom sommer reguit gevra
wil jy jou eie kind opklim
my ma se attempt at straight talking

ek sug en sê okay
my pa kom in die gang af
soos Shylock na die die fake hof scene

hy sê sorry alles wat jy mos nou sê is die waarheid as jy so sê

ek stap verby hom
sonder om om te kyk
in my kamer gaan lê ek

op my bed maak my oë toe

en stuur hom

my ma

my abuse

Eersterivier

na die donkerste chambers

van my existence

**Endor**

my sorries en my sadness
share dieselfde playlist
moenie vir my follow nie
ek het nie ’n destination nie
ek try om die voetpad op te clear
vir al die demons wat nog
nie bestaan nie

**ek was nog nooit die virginal type nie**

my philosophy van jongs af was
dat daar ’n dun lyn is tussen hymen en hoe
afhangend van wie jy vra
maar
consensually gesproke
tegnies gesproke
intimacy issues gesproke
body dysmorphic gesproke
obsessive compulsive gesproke
is ek ’n terrible hoer
want ek het nog nooit sex objectify nie
en Nathan is die enigste man wie my kon undemon

**My poems is nie confessions nie**

Sylvia Plath is te wit vir my
my literêre heroes wen nie Generaal Herzog pryse nie
ek was nog nooit enige iemand se nooi of madam nie
my poems is nie vir ŉ Suffragette nie
my poems is vir die aunties in die kombuis
my poems is vir daai
een overachieving swart en bruin laaitie in ŉ klas
vol wit kinders
al die groot name in Afrikaans
het boeke gepublish onder apartheid
ek is die meid se kind
en nou is ek groot
en ek exchange my ma se blood sweat en tears
vir gun powder in makeshift bulletcasings
vir die next generation
sodat hulle armed kan wees
en weet ons fight fire met fire
julle gaan ons nie
weer in ons rugte skiet
terwyl ons in vrees
weghardloop nie

**Red Virgin**

al die hardcore wit meisies wat ek ken
dra eventually hulle pa of oupa se suits
dit begin by daai eerste pixie cut
en die radicalization van hulle
eating habits
die Hannah Arendt
Plath romance
die cute mixed babies
by die Sankara lookalike
die blog vlog en die Simone Weil
quote tattooed in bookman old style
"all sins are attempts to fill voids"
en net so val self vergifnis in
hulle rhythmless laps
soos 'n new democracy se
equity policy

**Try die**

try om gebore te word en jou ma
en pa kan nie jou naam skryf nie
try die
try grootgemaak word in ’n een vertrek huis
met asbestos dakke
try jou eerste tien jaar van life
op ’n vuil matras op die grond slaap
try om van kleins af die household te run
try om nie te huil as jou pa jou met
die vuis slaan nie
omdat jy met jou klein
7 jaar oue hande
die bruin koffiebeker
laat val het nie
try om saam jou ma
in ’n vol skoolkerk te sit
en try die aunties wat in tonge praat
se sadness te ignore
try lief wees vir jou self
as jou uncle jou
elkedag molest vir tien jaar
try jou pose hou
by elke familie function
want al jou niggies was al voor jou
deur dit en julle praat nie
oor dit nie
try om dark skin en kroes hare te het
in ’n wêreld wat die exact opposite mooi is
try deur die basic education system

te kom sonder om deur
’n degenerate coloured skoolmeneer
assaulted te word
of deur ’n self-righteous light skin
Engelse juffrou humiliated te word
try die
try ’n lifetime op die Cape Flats
al is jy nog nie 18 nie
try dat jy nie mistake word vir ’n lesbian nie
want ’n gangster gaan vir jou skrie
“Ek gan jou rape tot jy ’n piel groei”
try winkel toe stap sonder om gerob te
word
try nie buitekant staan
wanneer die gangters skiet nie

try alles survive
try skool
klaar maak
try dit uit die ghetto maak
try dit van die plaas af maak
try dit maak tot op university
try boeke skryf
en try die wêreld sien
try om te glo in die power van survival
try die sweet taste van slaap op
jou eie kooi
jou eie wasmasjien
jou eie yskas
jou account balance met meer

as twee maande se rent
jou kar of jou taxi fair
jou ma en ouma se Avon skuld
next krismis se hamper geld
try die
die exact moment
onthou toe jy besef het
jy het survive

en dan vat jy daai moment
en trek ŉ streep onder dit
gooi dit in die eerste wit gesig wat jy sien
want jou survival is nog ŉ supremacist
invention
jy het fokkol survive nie
jy exist in die regte wêreld
die een wat jy moet
fight vir jou spot
die een wat niks guaranteed is nie
die een waar al die leaders
dood gaan
die een waar die
die tough net nêrens
going nie
die een wat almal kaalvoete
loop
op gesteelde graf grond

**Mr Brown en sy pyn Barbie**

*"Who is Mr Brown? I wanna know now!*
*He is nowhere to be found.*
*From Mandeville to Slygoville, coffin runnin' around,*
*Upsetting, upsetting, upsetting the town,*
*Asking for Mr Brown.*
*From Mandeville to Slygoville, coffin runnin' around,*
*upsetting, upsetting, upsetting the town,*
*Asking for Mr Brown.*
*I wanna know who (is Mr Brown)?*
*Is Mr Brown controlled by remote?" Mr Brown , Bob Marley and The Wailers*

selfhating bruin mans
hou van ŉ pyn Barbie
hulle sweer hoog en laag
hoe die blackwoman
irreplaceable is
sy ma is swart
sy ouma is swart
sy crush is swart
sy eie vel is swart
but
vir al sy consciousness
en sy childhood vol
droeë brood en swart koffie
is al sy favourite pornstars pyn Barbies

hy is nie ŉ sell out nie
want sy pyn Barbie se ancestors
het al hulle slaves ge-free
hy is ŉ free man
hy kies die madam se icy cold embrace

“Mr Brown gee vir
madam mooi caramel babies
en laat sy jou leer hoe
om oor jou feelings te praat

leer jou pyn Barbie
hoe om ’n samosa te vou
en om elkedag haar voete te was

laat sy hardloop in die park
met die wind in haar hare terwyl
jy haar Havannas vas hou
en jou kop sak verby
die auntie met die uit tande op die
Promenade

bye Mr Brown
moenie worry nie
pyn Barbie pussy is
hard to kill
ek vergewe jou
jy is nie die eerste fallen phony nie

avoid die spieël Mr Brown
jy is net wit on the inside”

*pyn Barbie, verwys na ’n tipiese middelklas wit vrou, wat avontuur soek en heeltemal onbewus is van haar wit voordeel

**Stamps opplak**

ek sê vir my beste vriend
my pa abuse my
sy kyk my ingedagte aan
asof sy try om die definisie
van abuse by my 4-member family
both parents working te try laat fit

ek sê vir my juffrou my pa
abuse my
sy skud haar kop
en vou haar arms
asof sy nou genoeg abuse
stories gehoor het vir een dag

ek stap tot by Melton Rose
polisiestasie
die konstabel vra my
wats jou pa se naam het
hy jou gerape
ek sak my kop
want die vrou langs my
lyk kwaad vir my
want die konstabel is
besig om haar documents
te certify
ʼn random dronk
vrou wat in die hoek sit
spring op en sê

minute
konstabel sal nogals
vi haa soe junk chise ie
'n ander polisieman kom ingestap
hou jy jou mond
moenie kom stamps opplak nie
jy's nog ene wat elke tweede
dag ko met 'n rape saak

**Bely bely en laat staan, jy moet bely en laat staan**

my ouma het
my geleer
om sorry te vra
nie sorry te sê nie

Dissertation

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

of

Rhodes University

by

Ronelda Sonnet Kamfer

Hierdie verhandeling bestaan uit twee dele. Die eerste deel handel oor die oomblikke wat my gevorm het as ʼn skrywer, tot die beste van my geheue, belangrike en

onbelangrike gebeure. Wat ek nie kan onthou nie is nou verlore in tyd soos die dagboeke wat ek vergeet het in ons huis in Eersterivier die dag toe ons Blackheath toe getrek het. Of ek dit vergeet het of gelos het is onseker vir my nou. Die tweede gedeelte is ’n analise van my tesis *Chinatown*.

Die eerste gedeelte van hierdie verhandeling se skryfstyl is gebaseer op die skryfstyl wat ek gebruik in my gedigte. Engels word nie vervang met Afrikaanse plaasvervangers nie, en word nie in aanhalings gegee nie.

## Deel 1.

### Om te skryf

*I do not forget the poverty of our childhoods, the weight of patriarchy's heavy hand in our household, the apartheid social structure which slapped us in the face each time we walked out the door. Everywhere so little has changed-in that place of childhood, and familiar world of home. In that hostile space outside, nothing has changed: racism, class exploitation, and sexist domination prevail. Deprivation intensifies, despair abounds, and suffering lingers. Being an intellectual does not seperate or estrange me from this reality. I became an intellectual in resistance, responding consciously, critically, to conditions of suffering in my life and in the lives of my family and community.*

My lewe is niks maar dit is al wat ek het, ek loop met bebloede hande en los traces van myself oral waar ek was, my bloudruk is ŉ skoongemaakte crimescene, die wat wil lees het luminol nodig om die storie te volg ...

### Gegs

"My naam is Ronelda. Ek hou van *Heidi*, boom klim en scrambled eggs. Ek en my ma bly in ŉ Wendy house. Dis agter in my antie se jaat in Bluedowns. My vriend se naam is Leroy. Hier bly 'n kat en ŉ hond. Maar hulle behoort aan niemand nie. Ek gaan skool by Blackheath Primêr, ek is tien jaar oud."

Ek hou die blank blaai dop. Ek wens ek het geweet hoe om my woorde oor te dra na die blaai toe. Soos ek dit in my kop hoor, maar my brein is soos ŉ sif of ŉ emmer met

gate onder in, my woorde is soos water. My kop gaan leeg wees voor ek dit tot by die blaai kan maak en my woorde gaan die hele plek vol lê. Ek krap die hele paragraaf uit in my kop. Ek val trug op my kooi. My Afrikaans meneer het gesê ek moet ’n opstel oor myself skryf. Ek sukkel.

My ma kom ingestap met die skoon wasgoed. Sy gooi dit sommer bo op my neer en sê, “Vou sommer op.” Ek stoot die wasgoed af van my af, stap na die yskas toe, maak dit oop en toe. Ek soek iets in die yskas, maar ek weet nie wat ek soek nie. Dan onthou ek. Oh ja, ek soek woorde vir my opstel oor myself. Ek gaan dit nie in die yskas kry nie.

My ma sit haar doek op en stap weer uit. “Maak vi jou noodles. Ek is laat vi my lift.” Ek tel die klere op en transfer dit na my ma se kooi toe. Ek gaan lê weer. Sit my earphones op. Haal die musiek van pause af, op my Walkman. Johnny Cash sing: *I never picked cotton, like my mother did and my brother did and my sister did and my daddy died young working in a cold mine*. Die Walkman is my neef sin, en die cassette het op ’n tyd aan my ma behoort. My ma luister nie meer musiek nie, sy is soos iemand wat genoeg gehoor het en als ken wat sy ooit sal wil ken. Sy sing as sy die huis skoonmaak.

Ek haal my boek langs die kooi uit. Dan begin ek verder skryf in my kop. Ek en my ma praat nie nog baie oor skoolwerk nie. Sy sê vir my altyd solank ek my deel doen worry sy nie. Sy verwag nie van my om ’n genius te wees nie. Ek moet net doen wat die onderwysers sê. Sy sal happy wees as ek net matriek maak. Niemand in ons familie het al matriek gemaak nie. Haar oudste suster se kind het in standerd nege met

die lyf geraak, sommer die skool gelos. Sy was die eerste persoon in ons familie wat amper matriek gemaak het. As skool ’n game was, dan hou sy die high-score.

Ek het drie ander nefies op skool. My ma dink die ander drie sal daarvan hou as ek die skool moet los. Want hulle ouers is afgunstige mense. “Mense met meer tyd op hulle hande as gedagtes in hulle kop,” sê my ma altyd. Ek is nie van plan om die skool te los nie. Behalwe vir my leesprobleem is ek eintlik slim. My Afrikaanse meneer het gesê, Dit is ʼn lees afwykking. Soos dyslexia, maar nie heeltemal nie. Hy dink dis omdat ek so ’n angstige persoonlikheid het. Dis hoekom ek so sukkel met lees. My ma sê weer ek moet ophou my skouers so laat hang. Dan sal my nerves nie so op wees nie.

Ek probeer baie hard om nie so te stres nie. Dit is maar net uit gewoonte. My omgewing maak my so. Die nuwe mense wat ingetrek het op die hoek, het groot honde. Nou is dit my nuwe ding waaroor ek stres. My ma bly sê die honde het varkkoppe. Hulle is American pitbulls. My ma dink enige ding met die woord American voor aan, is die ergste ding ooit. By die outehuis waar sy werk het daar eenkeer mense kom besoek. Een van die mense was ʼn African-American, maar my ma het dit omgedraai en gesê die vrou is American-African. Die American-African was volgens my ma baie stylish. Sy het gepraat soos ʼn Hollywood akteur. Sy het my ma se naam soe grand uitgespreek. Gertrude. Nie die usual plat antie Getruida of Gerty nie.
Die American-African het heeltyd beduie na my ma se mooi ligte-bruin vel. Dit was volgens haar baie mooi. My ma sê sy het net gelag en gesê: “My skin is not light at all. It’s very much heavy.”

Na die American besoekers het my ma vir my ’n klomp boeke huistoe gebring. Dit was die heel eerstekeer dat iemand vir my iets gegee het. Iets wat van ’n ander land afkom. Ek het die boks boeke gevat en in my kas gesit.
Ek het vir ’n week lank oog-kontak met my ma vermy. Ek was bang sy vra my oor die boeke, ek was meer bang sy vra my om te lees.

Die Maandag by die skool het Mr Oliver my geroep. Dit was na klas. Hy het gesê my ma moet Donderdagaand by die ouervergadering wees. As sy nie gaan nie, gaan hy Vrydag tot by haar werk moet gaan. Hy verstaan nie iets nie. Hy is al drie jaar hier hoof, sy was nog nooit by die skool nie. “As die ouers nie die leerders wys hulle glo in die skoolstelsel nie, hoe moet die onderwysers hulle werk doen? Charity begins at home,” het hy gesê.

Ek was basies siek van stres. Ek was bang my ma kom skool toe. Dan gaan sy uitvind dat ek nie reg kan lees nie. Sy gaan voor al die ouers in die oë gesit word, en vir my uithaal uit die skool, my forseer om saam uncle Tony by die council te gaan werk. Ek kan nie by die council gan werk nie. Om by die council te werk moet ’n mens ’n oranje overall dra. Uncle Tony het vir Gilly, sy seun self uit die skool kom haal. Die meneer het so opgeraak met Gilly. Hy was in standerd ag en kon nog altyd nie sy naam spel nie.
Die meneer het Gilly se naam op die bord geskryf. Vir Gilly opgetel. Sy kop teen die bord gekap asof hy die letters in sy kop wil kap.

Gilly het sy pa die aand gesê. Die volgende dag toe stop uncle Tony die vullistrok voor die skool. Toe gaan haal hy vir Gilly uit sy klas. Toe vat Gilly vir hom na die meneer toe. Hy en Gilly het vinnig vir meneer ʼn les geleer. Toe hulle klaar is toe spring Gilly op die trok saam sy pa en daar werk hy nou nog vir die council.

My ma het daai storie vir Miss Martins langsaan vertel. Mrs. Martins het net gesê: "Ja, maa Tony het lekke connections byrie council." Dit was al wat uitgestaan het vir haar van daai storie."

Ek skrik wakker toe my ma die volgende oggend instap. "Jirre, kyk waar lê die wasgoed glad nou. Moet ek dit nou opvou? Dis die minste wat jy kan gedoen het," sê sy. Sy skud haar kop.

Ek vat ʼn handdoek. Ek gaan in by my antie se hys om te gaan was. Dan aan te trek vir die skool.

Toe ek terugkom is die wasgoed opgevou. Daar staan ʼn koppie koffie en twee snye brood op die kassie langs my kooi. My ma vra my of ek my huiswerk gedoen het.

Ek kyk my ma aan. Ek kyk verby my ma. Ek hou die yskas dop. En probeer om nie angstig te wees nie. Ek probeer om nie humiliated te voel nie, maar onder in my sak lê ʼn blaai opgevou.

Daar is een sentence opgeskryf: My naam is Ronelda, ek hou van *Heidi*, boom klim en scrambled eggs. Dit het my heel aand gevat om die woorde in daardie een sin te unscramble.

Ek beweeg my oë na my ma toe, en sê: "Die hoof het gesê mammie moet skool toe kom."

*At first people refuse to believe that a strange new thing can be done, then they begin to hope it can be done, then they see it can be done--then it is done and all the world wonders why it was not done centuries ago.*

**Wit Dennebome**

Op Grabouw het die groot klippe in die dennebos, gelyk asof dit vervel, Grabouw was altyd koud maar nie te koud nie, ek was as kind nooit bang vir die bos nie. My heel eerste skool was in die bos, vol dennebome en lang blink gras, met skilfer klippe en koel sand, ek is gebore met ŉ hearing impairment, so dit het gemaak dat die klank van die wind die eerste klank was wat ek gehoor het voor mense of die klanke wat diere maak. Daai tipe isolasie het my geleer hoe om conversation met myself te hê, ek kon vir dae aaneen gaan sonder om met enige iemand te praat. Eendag toe kom my ma se suster en haar man my op tel in hulle Peugeot, dit was vroeg, vroeër as die skool lorrie maar ek het nie gepraat nie so ek is voor al die kinders in die bos afgelaai. Ek het ŉ warme ligte grys wol jas aangehad, wol leggings, ŉ polonek en ŉ bruin checkse skirt, ek het gelyk soos ŉ klein weergawe van my ma. My ouma het my hare plat vlegsels gevleg en my gesig was blink gesmeer met kamferolie, ek het ŉ kamferblokkie om my nek gedra omdat ek eenkeer ŉ week gelede gehoes het, my ouma het my moue opgerol en my met haarlemensies en wit Vaseline uitgesmeer omdat my arms vir haar te droog was.

Die son het net begin deur die bome skuin en die wind het gekraak soos ŉ swaar hout deur. Dit is hoe ek dit onthou. As ek die plaas onthou is dat altyd met die wind wat waai en die son wat skyn, of dit reën so hard dat die bome lyk asof hulle huddle op ŉ hoop in die koue. Ek dink aan Dorothy Allison se woorde, *from my earliest youth, I believed two things that could not mesh. I believed my family were exactly what we*

*were said to be—criminal, lazy, damned, and horrid. At the same time I believed us beyond any such labels. I believed us favored, blessed, strong, stubborn, and courageous. I believed we were beloved of god for what we suffered and endured—which curiously enough is a message I picked up from literature, song, and sermon. I watched the aunt for whom I was named give birth to eleven children with little help from a husband who drank too much and lost job after job, living up to the worst of the stories told about people like us. I was contemptuous of my uncle, and my aunt, but in awe of them at the same time.*

Dan probeer ek weer onthou, van vooraf.

Die oggend wat ek alleen in die bos was, was nie so mooi nie. Die dennebosse was nie misterious nie, dit was eerlik waar nie mooi nie, dit het my bang gemaak, die bome was lank, maer en hoog en die bas was spierwit, dit het gelyk soos die wit polisiemanne wat eendag vir ons van die bus af laat klim het oppad dorp toe. Ek het gestap tot by my klaskamer, wat so ŉ colonial style sending kerkie was, dit was ŉ wit gebou en die klas deur het gelyk soos ŉ deur wat jy sal kry by ŉ perdestal. Ek onthou verkeerd dink ek, sodat die plaasmense, my plaasmense nie dit moet lees en dink ek dink net sleg van hulle nie, mense wat nie kan lees nie. Ek onthou verkeerd sodat mense wat lees nie sleg moet dink van my plaasmense nie, mense wie nooit aan hulle dink nie. Of miskien onthou ek glad nie verkeerd nie, miskien onthou ek reg en sien verkeerd.

My verhouding met boeke en skryf is vanaf ŉ jong ouderdom deel van my, die eerstekeer wat ek iemand sien lees het, iets behalwe die Bybel, was op ŉ Sondag na kerk, waar my oupa in doodstilte sit met die *Rapport*. Daar was iets belangrik aan dit, asof hy iewers bestaan wat ek niks van weet nie.

**Genuine School Boys**

In my tienerjare het ons in Eersterivier gebly, my ma het die gewoonte gehad dat ŉ mens nie vir meer as tien jaar op een plek moet bly nie, sy het begin werk by ŉ famous spice fabriek en moes twee ure elkedag commute tot in Southfield, my pa het aangebeweeg vanaf, CMC na Waterworks toe. My pa hulle het ŉ loan by die bank gekry en het die huis in Stratford Green gekoop. My ma en pa was completely ignorant tot die reality van die Cape Flats, hulle het al twee gewerk vanaf son op tot son af en essentially vir my en my suster Allisen abandon in die ghetto.

Ons moes ons eie way vind in die nuwe environment. Ek dink ons het so baie getrek omdat dit by my ma ŉ valse idee van beheer geskep het. My ma het uit Grabouw getrek Kaap toe, met die eerste opportunity wat verby gekom het. Getrek na ŉ beter lewe, maar die lewe was nooit beter waantoe ons getrek het nie, dit was eintlik altyd erger, swaarder. Ons het getrek uit armoede na geweld en armoede toe. Jy kan nie in beheer van jou lewe wees, as jy nie in beheer is van waar jy bly nie, vir my ma hulle was om ŉ huis te koop niks verskillend as om ŉ stryk yster te koop nie. Jy koop wat jy kan bekostig, en wat ons kon bekostig weg van Grabouw af, het gekom met gangsters wat dag en nag buitekant skiet. ŉ Huis met bullet holes in die mure elke tweede maand en ŉ dooie man in die tuin elke paar jaar, ŉ ghetto weergawe van cute garden gnomes.

Dis nes James Baldwin gesê het, *This innocent country set you down in a ghetto in which, in fact, it intended that you should perish. Let me spell out precisely what I mean by that, for the heart of the matter is here, and the root of my dispute with my*

*country. You were born where you were born and faced the future that you faced because you were black and for no other reason. The limits of your ambition were, thus, expected to be set forever. You were born into a society which spelled out with brutal clarity, and in as many ways as possible, that you were a worthless human being. You were not expected to aspire to excellence: you were expected to make peace with mediocrity.*

My heel eerste dag van hoërskool, het ek in ŉ klas gesit met around sestig ander 'kinders' ek sê kinders loosely omdat baie van hulle groot mans was, die een kind het ŉ byl, ŉ machete en twee lang screwdrivers uit sy rugsak gehaal en in ŉ ander kind se sak gesit. Ek kon nie wegkyk nie, toe die een sien ek hou hulle dop, toe knip hy vir my oog en sê, "Wat sê jy babygirl." ek het my oë gesak toe sê hy vir die ander een "Ou baby girl, lyk nogal bekend." Toe vra hy my ken ek ŉ Dopey, hy is ŉ School Boy. Ek het geantwoord sonder om my kop te lig, Dopey was my nefie, my oudste nefie, sy regte naam was Brandon.

Toe word ek, Dopey se baba sustertjie en by default was ek okay, my nefie was ŉ notorious gangster, alhoewel ek nie regtig kontak gehad het met my nefie nie. Hy was ŉ gangster en in ŉ klas vol ironicaly named Genuine School Boys, was ek okay.

**Ek het ŉ boek vol gedigte wat ek vir niemand wys nie**

*I want to do something splendid...something heroic or wonderful that won't be forgotten after I'm dead. I don't know what, but I'm on the watch for it and mean to astonish you all someday.*

Ek het ʼn boek vol gedigte wat ek vir niemand wys nie. Die boek is swart met ʼn rooi streep langs die kant. Voorop staan daar in wit letters geskryf, *Croxley*, A4, 192 pages en Counter Book. Die boek is te groot vir ʼn notebook, of dalk nie, maar die lengte van die blaai is vir my intimiderend. Die boek voel vir my soos die wêreld vir my voel, te groot. Ek skryf lines van poetry wat nog nie gedigte het nie in die kantlyne, en in die hoekies van die bladsye in klein letters. Op die blaaie self plak ek fotos van random celebrities wie ek nie admire nie of occasionally song lyrics van songs wat ek nie luister nie, wat in die *Huisgenoot* verskyn. Na in die middel van die boek op bladsy drie en negentig of so, is die lyrics van "Never Gonna Give You Up" deur Rick Astley en op die die bladsy oorkant "Burning and Looting" deur Bob Marley. In kontras met "Never Gonna Give You Up", wat daagliks op die radio speel het ek nog nooit actually "Burning and Looting" gehoor nie, maar ek lees die woorde eendag op my eie in my kamer en begin huil. Ek memorize dit, ek sit in die klas by die skool en skryf gedeeltes van die lyrics uit agter in my boek,

*This morning I woke up in a curfew;/O God, I was a prisoner, too - yeah! /Could not recognize the faces standing over me;/They were all dressed in uniforms of brutality. Eh!*

*How many rivers do we have to cross, /Before we can talk to the boss? Eh! /All that we got, it seems we have lost;/We must have really paid the cost.*

*(That's why we gonna be) Burnin' and a-lootin' tonight;/ (Say we gonna burn and loot)*

*Burnin' and a-lootin' tonight; / (One more thing)/Burnin' all pollution tonight;*

*(Oh, yeah, yeah)/Burnin' all illusion tonight.*

Dit gee my ŉ donker plesier om die woorde uit te skryf, en elke keer as ek dit skryf voel dit vir my asof ek dit self geskryf het. Eendag gedurende ŉ vry periode by die skool vra Romeo, een van die Genuine School Boys my wat ek skryf, ek lieg, sonder rede en sê dit is ŉ gedig. Hy lees so oor my skouer, die klok lui dieselfde tyd vir die volgende periode, en soos hy uitstap sê hy naai ou Dopey se sistertjie het nogals ŉ ware skryftalent, feite. Dan kom Apie veby gestap, ruk sy mes en pretend speel-speel om vi Romeo te stiek. Romeo staan stil en skree vir Apie wat klaar uit die klas is: 'Jy Apie, jou ma se poes nuh!'

Ek kom by die huis die middag, keer myself daarvan om obsessive compulsive te wees vir vyf minute. Los die huis wat eintlik glad nie vuil is nie net so vuil, ek lig George Micheal se twee onderste hoekies liggies op met my liniaal en skryf onder, in sy skaduwee my eerste gedig,

**Meneer Martinego**

Meneer Martinego die plaas eienaar
op wie se plaas my ouma en oupa
hard gewerk en appels gepluk het
het eenkeer vir my ouma gesê
jou kinders confuse my
hulle het iets immoreel in hul oë
jy kan dankie sê die laaste een is doodgebore
daai een se naam sou Judas gewees het

Die gedig is half ’n geheim, want George Micheal hang daaroor soos ’n lace gordyn in ’n twee vertrek huis wat die kamer en die kombuis skei, ek wil dit nie weer toeplak nie, as ek dit toeplak dan begrawe ek die plaas vir die tweede keer. “Meneer Martinego” het later “Baas van die plaas” geword, dit en “Klein Cardo” my tweede gedig, twee jaar uit mekaar geskryf in ’n boek vol American celebrities wat ek vir niemand wys nie het my wegspring punt geword toe Kwela, wie my op die basis van ’n paar gedigte in *Nuwe Stemme 3*, ’n poetry anthology my vra of ek meer gedigte het, en ek lieg en sê ja, ek het ’n hele boek vol gedigte.

**The Colour Purple**

Juffrou Jantjies, my Afrikaanse juffrou let op dat ek gedigte in die klas skryf. Sy vra my of ek al Alice Walker gelees het, nee, sy neem aan ek skryf, maar ek lees nie. Ek sê vir haar nee, en vra of sy al Emerson gelees het. Ek quote vir haar uit *Self-reliance; Whoso would be a man, must be a nonconformist. He who would gather immortal palms must not he hindered by the name of goodness, but must explore if it he goodness. Nothing is at last sacred but the integrity of your own mind.*

Sy draai haar gesig weg terwyl ek praat en sug deur haar neus, asof my woorde te na aan haar gesig gevlieg het, en sy moet dit nou eers wegwaai voor sy kon klaar praat. Ek dink dit was haar goeie daad vir die dag en sy was haastig om dit klaar te kry, sy antwoord my nie oor Emerson nie, sy sê ek moet biblioteek toe gaan en *The Colour Purple* gaan vat, dan kan sy sien of ek regtig so slim is soos sy dink ek is. Ek sit die blaaitjie met die boek se naam in my skoolhemp se sak.

Wanneer ek by die huis kom was ek onmiddelik my skool klere, en maak die huis skoon. Ek trek my blou tracksuit broek aan, met my swart skool skoene en top my look off met ʼn royal blue reenbaadjie met ʼn striped t-shirt onder aan al skyn die son buite. Voor ek biblioteek toe stap soek ek my hele rugsak vol vir die blaaitjie, maar die mystery word eers gesolve drie ure later, wanneer ek vyf uur se kant my hemp van die lyn afhaal. Dis te laat toe, ek is terug vanaf die biblioteek en *The Bluest Eye* het klaar op my bed gereed gelê en wink vir my, soos ʼn imposter wat niks skaamte voel wannneer hulle uitgevang word nie. Maya Angelou en Toni Morrison was al swart vroue skrywers wie se name ek al gehoor het, en al wat ek onthou het was dat die boek ʼn kleur in die genaam gehad het.

**The Bluest Eye**

*Here is the house. It is green and white. It has a red door. It is very pretty. Here is the family. Mother, Father, Dick, and Jane live in the green-and-white house. They are very happy. See Jane. She has a red dress. She wants to play. Who will play with Jane? See the cat. It goes meow-meow. Come and play. Come play with Jane. The kitten will not play. See Mother. Mother is very nice. Mother, will you play with Jane? Mother laughs. Laugh, Mother, laugh. See Father. He is big and strong. Father, will you play with Jane? Father is smiling. Smile, Father, smile. See the dog. Bowwow goes the dog. Do you want to play with Jane? See the dog run. Run, dog, run. Look, look. Here comes a friend. The friend will play with Jane. They will play a good game. Play, Jane, play.*

Ons het *Boet en Saartjie* gelees toe ek op laer skool was, my suster omdat my ma beter wou doen met haar was in ŉ Engelse klas in Sub A, hulle het *Kathy and Mark* gelees. Toni Morrison het *Dick and Jane* gelees. Sulke goed is belangrik, dit maak ŉ verskil vir jou, veral as jy in Eersterivier bly wat voel soos om uit ŉ nagmerrie wakker te skrik en te besef jy droom nie.

Ek kon die opening van *The Bluest Eye* oorskryf in my eie taal.

Hier is die huis. Dit is groen en wit. Dit het ŉ rooi deur. Dit is baie mooi. Hier is die familie. Moeder, Vader, Boet en Saartjie bly in ŉ groen-en-wit huis. Hulle is baie gelukkig. Hier is Saartjie. Sy het ŉ rooi rok. Sy wil speel. Wie sal met Saartjie speel? Hier is die kat. Dit maak miaauw-miaauw. Kom ons speel Saartjie. Die kat wil nie speel nie. Hier is Moeder. Moeder is baie vriendelik. Moeder sal jy speel met Saartjie? Moeder lag. Lag, Moeder, lag. Hier is Vader. Hy is groot en sterk. Vader sal jy speel met Saartjie? Vader glimlag. Glimlag Vader. Hier is Buks. Buks blaf woef-woef. Wil jy speel met Saartjie? Sien vir Buks hardloop. Hardloop, Buks, hardloop. Kyk, kyk. Hier kom ŉ vriend. Die vriend sal speel met Saartjie. Hulle sal lekker speel. Speel, Saartjie, speel.

Hier is die huis. Dit is oranje en wit. Dit het ŉ blou deur. Dit is baie mooi. Hier is die familie. Ounooi, Baas, Kleinbaas en Kleinnooi bly in ŉ blou-en-oranje huis. Hulle is baie gelukkig. Hier is Kleinnooi. Sy het ŉ rooi rok. Sy wil speel. Wie sal met Kleinnooi speel? Hier is die katjie. Dit maak miaauw-miaauw. Kom ons speel Kleinnooi. Die meidjie wil nie speel nie. Hier is Ounooi. Ounooi is baie vriendelik. Ounooi sal jy speel met Kleinnooi? Ounooi lag. Lag, Ounooi, lag. Hier is Baas. Hy is groot en sterk. Baas sal jy speel met Kleinnooi? Baas glimlag. Glimlag Baas. Hier is Kafferbrak. Kafferbrak blaf woef-woef. Wil jy speel met Kleinnooi? Sien vir

Kafferbrak hardloop. Hardloop, Kafferbrak, hardloop. Kyk, kyk. Hier kom ŉ vriend. Die vriend sal speel met Kleinnooi. Hulle saal lekker speel. Speel, Kleinnooi, speel.

Dit is niks sonder die deel wat volg nie. Die deel wat volg is alles. Alles wat ek wens ek kon sê, wat ek weet ek eendag gaan sê, en nou dat iemand dit klaar begin sê het, los dit ŉ naar kol op my maag. Die gevoel wat ek kry na ek iets gedoen het wat ek regret, nog voor ek die ding wat ek regret gedoen het. *Quiet as it's kept, there were no marigolds in the fall of 1941. We thought, at the time, that it was because Pecola was having her father's baby that the marigolds did not grow. A little examination and much less melancholy would have proved to us that our seeds were not the only ones that did not sprout; nobody's did. Not even the gardens fronting the lake showed marigolds that year. But so deeply concerned were we with the health and safe delivery of Pecola's baby we could think of nothing but our own magic: if we planted the seeds, and said the right words over them, they would blossom, and everything would be all right.*

*It was a long time before my sister and I admitted to ourselves that no green was going to spring from our seeds. Once we knew, our guilt was relieved only by fights and mutual accusations about who was to blame. For years I thought my sister was right: it was my fault. I had planted them too far down in the earth. It never occurred to either of us that the earth itself might have been unyielding. We had dropped our seeds in our own little plot of black dirt just as Pecola's father had dropped his seeds in his own plot of black dirt. Our innocence and faith were no more productive than his lust or despair. What is clear now is that of all of that hope, fear, lust, love, and grief, nothing remains but Pecola and the unyielding earth. Cholly Breedlove is dead; our innocence too. The seeds shriveled and died; her baby too.*

Ek weet as ek marigolds vervang met sonneblomme, the fall of 1941 met die somer van 1998 en Pecola met Patricia dan sou ek hierdie ook kan vertaal en vertel in my eie taal, maar nog nie, want my taal is nog nie my eie nie, ek betaal nog af daar aan. Al die stories in my kop defrost nog, soos die braaipak wat ek na skool moet uithaal vir my ma, sodat sy kan kom kos maak vanaand.

**Stratford**

My vroeë leeslyste lyk soos ŉ mixtape van die 90s en early 2000s, waar ek my The Verve, NWA, 2Pac en Johnny Cash combine. Ek ontwikkel ŉ ongesonde obsessie met Shakespeare, Emerson en skeer al die ekstra skoon blaaie uit my ma se hand me down Afrikaanse romans. Net die met die harde omslagte, soms is ek te lui om die blaai uit te skeer, dan skryf ek lang epic tragedies in die laaste blaaie van my ma se boeke.

Daar was iets mooi aan daai ou geel papier en ek kon die titels uitkrap, of oor skryf, boeke met name soos, "Die Laaste Wals" of "Die Skande Vlek", maar ek was op my gelukkigste wanneer ek my jonger suster kon teister met irrelevant feite soos, ons het in Stratford Green gebly en Shakespeare was van Stratford upon Avon en my ma het Avon cosmetics verkoop, op skuld. Die pad naby ons se naam was Warwick straat, en Shakespeare was vanaf Warwickshire. My tweede naam is Sonnet, en daarom is my liefde vir Shakespeare se sonnets justifiable.

Ralph Waldo Emerson se woorde het ek memorieseer en elke geleentheid wat ek kon kry sou ek dit vir my sustertjie skrie. *"What I must do is all that concerns me, not what the people think. This rule, equally arduous in actual and in intellectual life, may serve for the whole distinction between greatness and meanness. It is the harder, because you will always find those who think they know what your duty is better than you know it. It is easy in the world to live after the world's opinion; it is easy in solitude to live after our own; but the great man is he who in the midst of the crowd keeps with perfect sweetness the independence of solitude..."*

**Black Like Me**

*(Negroes in this country) are taught really to despise themselves from the moment their eyes open on the world. This world is white and they are black. White people hold the power, which means that they are superior to blacks (intrinsically, that is: God decreed it so)*

My kopvel brand soos vuur en ruik soos sulfaat. ‘Black is beautiful ...’, die slogan vir Black Like Me, ’n hair straightening produk vir swart vroue, wat die civil rights movement aanhaal. Soos die duiwel wie Bybel versies opsê. As jy jou hare straighten, en jy hou die straightener te lank aan brand dit gatjies in jou kopvel, wat roewe los later. Die probleem is om uit te werk hoe lank om die straightener aan te hou. Want alle swart hare is nie dieselfde nie, maar ons weet dit nog nie, of Black Like Me dit weet, wie weet? Hulle skeer ons almal onder dieselfde kam, terwyl ons opverdeel word deur die ouer generasie, in kampies soos lig, ligter, amper wit, en donker, donkerder amper swart.

As jy mooi hare het, maar donker vel voel mense empatie vir jou, jou genes het links gedraai toe dit regs moes gaan, jy het dit amper gemaak. As jy lig van kleur is, en jy het kroes hare, dan voel mense empatie vir die een met die donker vel en die steil hare, asof om te sê, jy kan maar jou ligte vel vir haar gegee het, want al wat jy kort is ’n donker vel om regtig lelik te wees. Jy dra swaarder aan slegte hare as aan ’n slegte velkleur, hoekom weet ek nie. Ek het donker vel, en kroes hare, ek word relentlessly gebully hieroor, deur ander meisies wie vir my sê ek is lelik. Bruin seuns ignoreer my. Ek is nie veronderstel om so baie van myself te dink nie, ek is nie veronderstel om white supremacy te kan reject nie, ek is nie veronderstel om nie wit te wil wees nie.

Dis net die ou wit mans, wie ek dink verveeld is met steil hare en mooi wit vrouens, wat vir my sê ek is mooi wanneer ek op die naweek agter die till staan by Clicks. Net wit mense vind my ancestry fascinating, my stint in retail was my introduction into exoticism, die eerstekeer wat ek my ma vra wat is ons, toe sê sy, oumoeder was ʼn wit Jood, van St Helena, iemand was ʼn slaaf van Ceylon en daar was ʼn Ethiopian slaaf ook tussenin en ʼn Engelse man wat van ʼn skip afgeneuk het. Ek sê vir my ma baie dankie, wie need *Ancestry.com* as hulle ʼn ombeskofte ma het. Die tyd wat ek die literêre wêreld betree is ek voorbereid, my boek voorlesings is ʼn see van grys hare en baarde maar ek draai my hart in Gwendolyn Brooks se woorde, soos ʼn resitasie, ʼn Bybel vers, ʼn protective spell teen die geeste van self-haat en self-doubt.

> You have not bought Blondine.
> You have not hailed the hot-comb recently.
> You never worshipped Marilyn Monroe.
> You say: Farrah's hair is hers.
> You have not wanted to be white

My ma het my vertel hoe haar ouma die donker en ligte klein-kinders geskei, en al haar liefde gegee aan die ligte klein-kinders. My ma was een van die ligste kinders, haar suster die donkerste, maar my ma se hare was kroes en haar suster se hare steil. Haar ouma het soos die vrou in Koning Solomo se storie die toets van liefde gevaal, want sy kon nie besluit wat vir haar belangriker was nie, mooi hare of mooi vel nie. Toe sny sy haar liefde in twee, sodat sy soms lief was vir die een, en soms vir die ander, maar nooit altwee op dieselfde tyd nie. Haar liefde was ʼn swaard wat bloed van bloed skei, vlees van vlees, haar liefde het gesorg dat my ma en haar suster altwee mink deur die lewe gaan, altwee convinced dat sy die kop is en die ander die voete, soms andersom.

My ma borsel my hare, sukkel-sukkel, trek-trek. Sy sê hardop: 'Hoekom is jou hare so taai!'

Ek sê vir haar. 'Omdat my hare soos mammie sin is.'

Na dit praat ons nie weer oor hare nie, en ek besluit ek gee nie meer om oor hare nie, ek dink nie meer oor hare nie, ek skryf daaroor, maar ek dink nie meer daaroor nie, ek hoef nie daaroor te dink nie, ek weet als omtrent hare, soos ek als weet omtrent donker vel, jou hare en jou vel groei soos jy groei, dis altyd met jou.

Ek glo elke woord wat ek sê, en tog koop my ma die Black Like Me, en steeds sit ek dit op my kop, en steeds brand dit my kopvel, en dit laat my voel asof ek altyd ingee, maar dit was Toni Morrison wat gesê het: *'[N]obody was going to tell me that it had been that easy. That all I needed was a slogan: 'Black is Beautiful.' It wasn't that easy. Being a little Black girl in this country— it was rough. The psychological tricks you have to play in order to get through—and nobody said how it felt to be that.*'

**Grabouw**

Die laaste keer wat ek Kaapstad besoek het, was op uitnodiging van die Woordfees, die Afrikaanse literêre fees wat jaarliks in Stellenbosch gevier word. Dit was om my digbundel *Hammie* te launch, wat gehandel het oor die lewe en dood van my ma. Vandag voel dit soos baie leeftye gelede.

Om die Kaap te enter deur Stellenbosch se wingerde en wynplase, laat my voel soos ŉ ruimte capsule wat terug val aarde toe deur die aarde se atmosfeer. Dit brand, my vel skeur en my bene wys.  Ek het opgegroei op plase soos hierdie, in Grabouw. So, ek kan nooit deur Stellenbosch ry sonder om aan Grabouw te dink nie. Dis soos wanneer

ek my niggie langs die pad raakloop, sal ek altyd vir haar sê, 'Stuur groete vir jou ma.' Die een gaan met die ander.

Verder is dit onmoontlik vir my om aan Grabouw te dink sonder om aan my ouma te dink, en as ek eers aan my ouma dink, verlang ek na my ma. Ek is derde generasie over-expected-expectations-achiever in my familie, 'n matriarchy van uiteenlopende astrantheid.

My ouma is nou doof in altwee haar ore. En ek, asof ek altyd met een voet in my ouma se wêreld moet staan is besig om heeltemal doof te raak in my een oor. My ma is dood nou, doof en stom die ewigheid in. Ek dink so, want my ma praat nie met my vanuit die graf nie, of dit, of sy fluister in by die verkeerde oor. My ouma praat met my, maar ek trek haar deur my tande, en maak asof ek nie hoor nie.

**Noudat slapende honde wakker is**

Ek het 10 jaar gelede my heel eerste digbundel geskryf en gepubliseerd gekry, die aand toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns my op my pa se werk phone bel, het ek dramaties op die grond neergeval en aangekondig, 'Maaamie! ek het die Eugene Marais prys gewen!' My ma het die rooi doppe van haar pakkie R5 peanuts afgeskil en gesê, 'Hoeveel betaal Gene Marais?'My het nie geweet wie Eugene Marais was nie en hoekom hy belangrik was nie en ek ook nie.

My begin in die Afrikaanse letterkunde was op die verkeerde voet, soveel so dat ek gevoel het ek sou nooit my balans kan vind nie. Ek het eenkeer gaan voorlees in Stellenbosch en het 'n lift saam met my pa gevat in die council trok, ek wou nie vir die

witmense wys ek was arm nie en dat ek nie kan kar ry nie. Of dat my pa vir die city council werk nie. Of dat my ma overtime moes werk sodat ek einde van die maand ŉ mooi jersey kon het as ek by ŉ private boek klub vir ryk huisvrouens in Durbanville gaan gedigte voorlees nie en sodat ek taxi fare kon het tot by UWK, waar ek na ŉ voorlesing in ŉ gesprek met prof van Wyk beland het en hy gevra het of ek belangstel in verdere studie.

As jy coloured is of swart is en jy betaal black tax, generational skuld en iemand offer vir jou die geleentheid om te kom study is dit so goed soos Edgars en Foschini wat al jou ma se skuld afskryf. Dis ŉ clean slate. Dis iemand wat sê, 'Hier, ek gee jou dieselfde kans as wat ander mense kry.' My ma het uit die werk uit gebly net sodat sy kon werk toe bel en sê sy moet saam haar dogter University of the Western Cape toe gaan vir registration. Vir haar was dit die validation wat ek verdien het vir al my jare se gedigte skryf.

Toe ek my eerste manuskrip saamgestel het het ek nie ŉ computer gehad nie, my pa het iemand geken wat computers opgebou het, in elke township is daar ŉ man wat computers opbou. En in keeping met die tradisie van township mans wat computers opbou het hy in sy ma se yard in ŉ Wendy house gebly en computers opgebou terwyl hy op dieselfde tyd besig was om sy ma se huis aan te bou.

Ek het ŉ computer gekry by hom en my pa het ŉ sak vol floppy disks van die werk af gebring. Ek het *Noudat slapende honde* op die computer getype en op die floppies gesave. Ek het nie geweet hoe om Microsoft Word te gebruik nie en toe my uitgewer laat weet ek moet my korreksies aanbring het ek nie geweet ŉ mens kan copy en paste

nie. So ek het elke keer die volle manuskrip oor getik. Ek het my niggie wie by ons gebly het daaityd gevra om tien gedigte te type in die dag, wanneer sy huistoe gekom het na die night shift en my vriendin wie toe net begin verslaaf raak het aan tik, en eager was vir die repetitive werk, om ook tien gedigte op te type.

**Ek en my Ouma is uit een lap geknip, sy het self die lap geknip**

Toe ek klein was het my ouma eendag opgedaag op ons voorstoep soos Gandalf the Grey in Hobbiton, en sonder om te veel te verduidelik het sy vir my ʼn pakkie klere gepak, en saam haar Grabouw toe gevat. Ek sou nou saam met haar en my oupa op die plaas bly.

Ek weet nie hoekom my ma niks gesê het nie, maar sy het niks gesê nie. Dit is soos een van daai dinge wat jy self die leë gate moes vul omdat niemand regtig tyd gehad het om dinge te verduidelik nie. Ek was nie my ma se kind nie ek was my ouma se kind en moes my plek op die plaas in klein maniere vind, meestal deur my ouma na te aap.

So klein soos ek was kon jy my altyd op die voorstoep kry, besig om vloeke uit te deel aan elke verbyganger vir een of ander sonde wat ek gevoel gepleeg was.

My familie is diep gelowig maar glo in vloek soos hulle glo in sout oor die skouer gooi as hulle na twaalf in die nag in die huis in steier. 'Jy moenie kom staan en jou gat dronk suip elke naweek dan wil jy die hele plaas kom omkrap nie Pietie! As ʼn mens drink dan drink jy vir jouself en gaan slaap agterna moerskonner!', en so aan ensovoorts het ek tekere gegaan.

Ek en my ouma het huis skoongemaak, en ek het gehelp kos maak. Ek was soos my ouma se skaduwee, wat dinge moeilik gemaak het later met my ma, want my ma het haarself weg van die plaas af gevat, juis omdat sy uit my ouma se skaduwee wou kom.

My ouma het my geleer om die heeltyd te baklei. Ek het nooit besef dat hulle plaaswerkers was nie. In my kinderlike begrip van plaaswerkers was hulle nie trots of nugter nie.

**Bry**

Voor ek op die plaas gaan bly het, het my ma hard probeer dat ek moes Engels praat. Sy het altyd probeer my naam mooi uitspreek, Row-nel-da of Roo-nel-de. Teen die tyd wat my ouma klaar was met my het ek so gebry, dat my ma maar heeltemal van die Engels vergeet het.

Jy verloor nooit jou bry nie, dit bly ingevleg in jou DNA, soos die eilandjies wat my ouma in my hare gevleg het vir skool, so styf jy kon deur ŉ warrelwind loop en nie ŉ haar sou uit sy plek wees nie. Na al die tyd, vat dit my omtrent vyf minute op die plaas om weer te begin bry.

Ek dink ek kry my obsessie met akkurate representation van my ouma en ma af, enige iemand wat bekend is met die Overberg, weet dat jy is nie net van die plaas nie, jy is van die plaas en die plaas het ŉ naam, Molteno, of Appelthwaite of jy bly in Pineview of in Pineview Noord.

Jy het nie ŉ naam van jou eie nie, jy is Trei se kind of oom Tom se kleindogter, elkeen het ŉ storie, elke familie het ŉ geskiedenis en ongeag hoe jy jou lewe leef, is daar iemand wat jou ken en wie jou storie vir jou kan oorvertel. Hierdie tradisie was die inspirasie vir my tweede digbundel *grond/Santekraam*.

In ŉ klimaat van land claims en vrae oor wie die regmatige eienaars van die land is, was dit vir my belangrik om uit die stemme in my familie geskiedenis die oorvertel vas te probeer vang.

My grootouers het nog nooit hulle eie huis besit nie, hulle het gewerk op die plaas en toe hulle nie meer kon werk nie, moes hulle trek.
My oupa wie se hande hard en vol eelte gewerk was, is in ŉ koue hospitaal bed dood in Karl Bremer se noodeenheid, met twee droë snye bruinbrood en ŉ beker flou koffie langs sy bed. *grond/Santekraam* was vir almal soos hy, die ou mense wat vandag in hokkies in Wesbank en Delft moet bly omdat hulle in hulle jeug, die grond vir ander goed gemaak het.

**grond/Santekraam**

Ek sit saam my ma se familie wat langs die see bly in Kalksteen huisies in Arniston. Die gebied is ŉ heritage site, maar die mense het hier gewoon voor dit ŉ heritage site geword het. Dit was ŉ oversight deur die apartheid regering, toe hulle al die bruin mense uit hulle huise gesit het het hulle vergeet van Arniston. Nou bly hulle op die land, soos fauna en flora wat beskerm word. Ek moes ŉ boek skryf vir my Honeurs graad, die boek sou gaan oor grond. Ek vra hulle uit oor die geskiedenis van Arniston,

dit is vir my Honneurs graad verduidelik ek aan die mense wie gewoond is aan gevra word oor dié geskiedenis. Die wit mense kom elke paar jaar verby, en probeer ’n boek skryf oor die storie van Skip Skop, en dan vertel hulle vir die wit mense lang stories wat nêrens gaan nie. Om te sê dit is vir my graad is my manier van pleit, om te sê ek need vir hulle om met my te praat, maar watsoort graad dit is, is nie vir hulle belangrik nie. ’n Graad is ’n graat, ’n ruggraat. Iets om jouself meer regop te hou, jy sal nie so gebuk deur die lewe hoef te gaan soos hulle nie, dit is al wat hulle nodig het om te verstaan. As die oumense jou so aankyk, met daardie gedagte. En jy vra vrae oor ou goed wat lank begrawe is. Dan dra hulle vir jou stories aan soos tee en biskits, in die beste breekgoed, en dan word dinge wat lang jare toe is, weer oopgemaak. Soos mense wat buig voor jou, sodat jy op hul rugte kan staan, om op te kom, uit te kom.

**Soos ’n koeipaal op die plaas**

Daar was ’n koeipaal op die plaas in Grabouw, maar geen koeie nie. Net appels, baie, baie appels. Vir die wat nie weet nie, ’n koeipaal is die melkpos, waaraan die astrante koeie vasgemaak word wanneer hulle gemelk word.

Ek het gehou daarvan om te sit en die paal dop te hou, sonder om te wonder hoekom. Ek het vir jare my plek op die plaas gesoek en toe eendag besef ek terwyl ek staar na die koeipaal, ek en die koeipaal is dieselfde, ek was daar, maar daar was geen nut vir my tussen die appels nie, maar niemand wou my uitkap of weghaal nie, omdat hulle klaar besluit het ek behoort daar, maar ek het nie regtig daar behoort nie en toe my pa begin werk by Waterworks en hulle ’n council huis in Blackheath kry, het ek ook nie daar behoort nie en toe ons Eersterivier toe trek het my gemaklikheid met nie inpas

nie vir my normaal geword, oral waar ek al ooit gewoon het, het gevoel soos net tydelik en al rede daarvoor wat ek kan aan dink is omdat ek gesien het wat gebeur met mense sodra hulle te veel begin glo in waar hulle behoort.

Toe ek my heel eerste gedigte vir *Noudat slapende honde* begin skryf het, het die eerste drie gedigte in die bundel gekom uit die drie wêrelde wat my gevorm het, “Waar ek staan”, was vir my ma, “Baas van die plaas” was vir my ouma en “Klein Cardo” was vir my suster en Eersterivier.

**A farewell to arms**

Ek is sestien jaar oud, ek sit in my kamer in Eersterivier en lees *A farewell to arms* deur Ernest Hemingway. Ek skryf die woorde neer in my notebook waarin ek poetry skryf wat ek vir niemand wys nie: *The world breaks everyone and afterward many are strong in the broken places. But those that will not break it kills. It kills the very good and the very gentle and the very brave impartially. If you are none of these you can be sure it will kill you too but there will be no special hurry.*

Dit herinner my aan my oupa, hy was good, gentle en brave. En hy is vroeg dood, hy het nie die hardheid gehad wat die Kaap van ŉ mens verwag nie, hy was nie ŉ swak mens nie, inteendeel hy was ŉ baie sterk, trotse mens. ŉ Sterk man, soos wat van mans verwag word. ŉ Sterk man laat nooit mense toe om hom te verneder nie.

Ek dink dis hoekom my oupa twintig jaar al begrawe lê en my ouma nog buk-buk deur die lewe gaan. Hulle lewens was een lang vernedering. Toe my oupa te oud word, en nie meer kon werk op die plaas nie, toe trek hulle Kaapse Vlakte toe, waar

die wêreld vaal was en almal mekaar heeltyd wil indoen. In die Kaap het hulle in ŉ klein slaapkamer gebly met my uncle en sy hele familie.

My ouma kon daarmee saamlewe, want ŉ sterk vrou word gedefinieer deur hoe baie vernedering sy kan verdra. ŉ Sterk vrou word nie toegelaat om te graduate vanaf dogter na vrou totdat sy totaal en al verneder was nie.

Vir mans is en was dit anders, maar veral vir my oupa. Hy was nou weg van die plaas en die status wat sy geskiedenis vir hom gegee het, hy was nou deel van ŉ groep mense en sy kinders en kleinkinders het almal hulle eie name gehad en ek dink wat swaar vir hom was, was dat hy nie meer kon sê, wie hy was nie.

Die ironie van my oupa se lewe was dat alhoewel hy met sy kop omhoog kon stap in Grabouw, was hy ver van hoog geag. Hy was exploited en sy trots was vals en sy patriargie was vals en ek wens ek kon dit vir hom sê.

## Goeie meisies bly nie op die Cape Flats nie

### goeie meisies

goeie meisies join nie gangs nie
hulle raakie pregnant op dertien nie
hulle dra nie tjappies nie
hulle roekie weed nie
hulle tik nie
hulle djol nie saam met onderwysers nie

hulle speen nie saam met taxi drivers nie
hulle werk nie vir Shoprite nie
hulle is nie die cleaners nie
goeie meisies bly nie oppie Cape Flats nie

As ek ŉ gedig soos "Vetste vlieë" (Hammie) lees, begin die swart meisies, die bruin meisies met donker vel, die meisies wat nie steil hare het nie, hul vingers te snap. Hulle skree goed uit die gehoor en lag kliphard. Hulle celebrate soos ek eens op ŉ tyd gecelebrate het toe ek Gwendolyn Brooks se gedig "To Those of My Sisters Who Kept Their Naturals" gelees het.

Die 'mooi meisies' se kleur trek uit hul vel, en hulle laat los hul wit boyfriend se hand. Ek geniet dit nie, ek sal verkies dat die oomblik in stilte verbygaan, dit is genoeg vir my dat almal verstaan, maar ek lees die gedig, en gun dit vir die meisies wie nog nooit verwag het dat iemand wie lyk soos hulle ŉ gedig sou skryf in praise van hulle nie. In praise van al die kwaliteite wat hulle die minste regard voor het.

Dit is soos die inskripsie voor in Teju Cole se *Everyday is for the thief*, die Nigerian proverb: *Everyday is for the thief, but one day is for the shopkeeper*. As jy jouself mold into iets wat vir witmans aantreklik is, want jou lewensplan is om met ŉ wit man te trou wat geld het, omdat hy geld het. Omdat jy wil het wat hy het, wat sy voorouers gesteel het, dan is jy ook ŉ thief. Dan het jy niks solidariteit met jou susters nie. Dan behoort elkedag in elkgeval aan jou.
Bruin meisies van die Kaapse vlaktes of enige klein dorpie of plaas, word nie verteenwoordig in Afrikaanse letterkunde nie, al wat daar vir ons is, is ŉ Fiela Komotie of lone Saartjie Baartman verwysing. Miskien as ons lucky is ŉ

oversexualized André Brink slaaf of ‘n epic Dan Sleigh historiese konteks. Dit is ons werk om onsself in die letterkunde in te skryf.

**Skype**

My ouma het deur die tweede wêreld oorlog gelewe, apartheid van begin tot einde gesien. Sy was ŉ kind in ŉ tyd voor TV, ŉ tyd voor alles behalwe boeke dink ek soms, en sy kon nie regtig lees nie.

Ek sou nooit kon dink dat my ouma sou weet wat die internet is nie, maar my ouma wil saam my Skype of Snapchat en op haar WhatsApp profile photo het sy ŉ fur coat aan.

Sy bly nie meer in die Kaap nie. Sy bly by haar dogter wie jare gelede besluit het sy maak haar familie groot ver weg van my ouma en al die drama wat saam haar kom. Dit klink asof haar lewe kalmer is. Dit klink asof haar tyd nou net haar eie is.

Ek en sy, net soos ek en my ma, was altyd kwaad vir mekaar en meeste van die tyd het ons vergeet presies waaroor, nou is sy sieklik, en sy sê sy wil vrede maak voor sy gaan, maar toe sy wou Skype of Snapchat, toe sê ek nee ek is nog kwaad vir haar. Toe stuur sy vir my antie ŉ voice note om te sê, ‘Daai blerrie klimmeid is harregat’ en lag, ‘ek het haar reg groot gemaak.’

**Hammie**

My ma het my radicalize, sy was haar lewe lank die cleaning lady, die help, die meid, maar volgens die klere wat sy aangetrek het van die huis af tot by die werk was sy ŉ lawyer of business eienaar. Ek beskryf haar altyd as die meid met guerilla tendencies. Toe sy skielik eenoggend sukkel om wakker te word en kla van hoofpyn, toe dink ek my ma was uiteindelik moeg, my pa se affairs het net uit gekom, sy was ŉ paar maande weg van haar 60ste verjaardag en sy sou aan die einde van die jaar haar mop en stoflap in handig vir ŉ wel verdiende early retirement.

Die hoofpyn was meningitis en sy is binne ag en veertig uur dood daarvan.

My feministiese theorie kry ek eerstehands van haar af. Vrouens wat swaar en hard lewe en vinnig dood gaan. As ek skryf oor feminisme, is die eerste kommentaar amper altyd: “Ronelda, jou feminisme is nie duidelik nie, jou argument is swak, so and so, gaan jou uitmekaar uit skeer, jou feminisme is nie interesant nie” ens. Altyd vanaf ŉ wit persoon.

Meeste van die tyd wil ek sê, julle verstaan nie onderdrukking nie nê? Julle verstaan dit nie en ek het nie ŉ wit filter om dit vir julle verstaanbaar te maak nie. Ek vra nie wat julle dink nie, ek sê vir julle. Generasies van bruin en swart vroue se “feminisme argument” reduced tot iets, tot ŉ ding, tot die vrou wat die drom in jou kantoor kom leeg maak. Onsigbaar.

Bettina Judd skryf, *Writing is attached to the body. This statement is quite a literal for me, it is my black woman, my queer-identified, round-bodied hand that puts pen to paper, to keyboard, and creates whatever I create. I recognize that my writing is read*

*and recognized through this body wheteher I like it or not. I am not invested in erasing this paradigm, as many writers of various identities argue for, combat, etc. I like seeing my round brown hand scribbling away because this moment is not an accident. It was fought for.*

Ek skryf uit myself uit, my eie persoonlike ervaring, ek weet ek moet omdat ek reik uit verder as die boekrakke of koffietafels van veilige wit spasies. My molesterings, verkragting, geweld, geestesgesondheid, politiek, my woede, my woorde bestaan, soos Judd dit stel, dit was baklei voor.

**Kompoun**

Ek skryf altyd terug plaas toe, my nuwe boek *Kompoun* is my manier om vir al die mense wie voor my gekom het om saam met my deel te maak van Afrikaanse letterkunde, *Kompoun* is die vars blomme op die graf van almal wat vir eeue lank in stilte bestaan het,

Die Duitse skrywer en filosoof Goethe het gesê: *He who cannot draw on three thousand years is living hand to mouth*, en ek dink daar is min wie enige begrip van die waarde van idees, kennis, ondervinding en geskiedenis het wie nie sal saamstem met daardie sentiment nie, maar ek wonder soms waar dit ons los, as bruin mense in Suid-Afrika, want daar is so baie van ons geskiedenis wat nie oopgeskryf is nie.

Ons is ŉ gemeenskap wat nie net materialistically arm is nie, maar wie ook spiritiually van dag tot dag lewe. Almal uit ons gemeenskap wat suksesvol word is die uitsondering, en ons sukses kan net behaal word deur afsondering van ons eie

gemeenskap. Ek glo dit is so, omdat ons niks geskiedenis het om van krag te trek nie, want so baie van ons geskiedenis is van die rekord geskraap, ons herkoms, ons bydrae tot die veg teen apartheid, ons historiese pyn en humiliation, ons bydrae tot die kos en kultuur van die land.

Daar is so baie lewens, ondervinding en kennis wat reeds verloor is. Daar is so baie van ons kultuur wat reeds uitgesterf het. Daar is geen monumente van klip, marble, brons of op papier vasgevang in die literatuur vir toekomstige generasies om dit weer te ontdek nie.

Ek dink aan Kassiesbaai, en hoe tydens my navorsing vir *Kompoun*, my oupa se laaste oorlewende neef oom Hendrik vir my sit gemaak het en toegelaat het om ons gesprek op film op te neem, omdat hy een van die laastes was wie ook sit gemaak was en ons hele familie geskiedenis vertel was.

Hy het geglo dat as jy nie weet waar jy vanaf kom nie, gaan jy dink jy kom van niks af.

Ek dink aan al hierdie stories wat ons grootouers oorvertel het en hoe dit verlore gaan en al wat oorbly is Afrikaanse volksliedjies wat soos die taal herskryf word sonder die ware geskiedenis.

Ons geskiedenis is afgekap, hele gemeenskappe is verwyderd en geskuif na die sykant in hul eie verhaal, hele lewens reduced na footnotes.

Baie van ons hier is die afstammelinge van een van die oudste groep mense op die planeet, maar hierdie geskiedenis is geskryf in sand.

## Tesis analise

### Agtergrond

Daar was geen twyfel by TS Eliot (1976: 15 – 15) dat ‘n digter nooit los gelees kan word van haar voorgangers asook die bestaande tradisie waar binne die digter haar werk publiseer nie. Al sou die digter haarself as ‘weggebreek’ beskou of selfs geen kennis dra van die letterkunde waarbinne sy sogenaamd ‘geplaas’ word nie, sal die lesers van daardie letterkunde haar noodwendig altyd binne daardie konteks plaas.

In haar bespreking van literêre voormoeders by Antjie Krog beskryf Louise Viljoen (2009, 1-26) verdere sienings van ‘literêre tradisie’. Sy verwys na Harold Bloom (1973: 10 – 11) wat dit beskou as ’n oedipale konflik ‘waarin die jong skrywer (die “ephebe”) in stryd tree met sy digterlike vader (die “precursor”) ten einde die “anxiety of influence” te oorkom en sy eie stem as skrywer te verwerf.’ Sy vra dan hoe jong vroulike skrywers met hulle literêre voormoeders omgaan.
Viljoen verwys ook na die bekende uitspraak van Virginia Woolf waarin uitgewys word hoe belangrik dit vir ’n vroulike skrywer is om aan te sluit by ’n vroulike literêre tradisie. Misverstande en skerp kritiek doen wel skade, maar niks doen meer skade as *the other difficulty which faced them […] when they came to set their thoughts on paper – that is they have no tradition behind them, or one so short and partial that it is of little help. For we think back through our mothers if we are women.* (Woolf 1977: 72 – 73) Sien ook Adrienne Riche:

> *She is looking eagerly for guides, maps, possibilities; and over and over again in the word's 'masculine persuasive force' of literature, she comes up against something that negates everything she is about*. (Gelpi,1975:173)

Ten slotte wys Viljoen op Dianne Sadoff (1985: 4-5) wat pleit dat die ganse literêre tradisie hersien behoort te word sodat ras en klas naas geslag 'n rol kan begin speel. Sadoff sê dat dit vir sommige vroue so belangrik is om swart voormoeders ter ondersteuning te hê, dat hulle soms vroulike voorgangers idealiseer en doelbewus nie die kompleksiteite in hulle werk raaksien nie. Marianne Hirsch (1989: 177) onderstreep die feit dat die verhouding tussen literêre moeders en hulle 'dogters' kompleks is wat beide konneksie en diskonneksie insluit. Viljoen gebruik dan die res van die stuk om aan te toon tot watter mate Krog aansluit by en rebelleer teen literêre voormoeders soos Elisabeth Eybers, Ingrid Jonker en haar eie ma.

Die konsep van interseksionaliteit sluit vir my hierby aan. Interseksionaliteit is 'n analitiese raamwerk wat poog om te identifiseer hoe stelsels van krag impak het op diegene wat die meeste gemarginaliseer is in die samelewing. Interseksionaliteit is van mening dat verskillende vorme van sosiale stratifikasie, soos klas, ras, seksuele oriëntasie, ouderdom, godsdiens, geloof, gestremdheid en geslag, nie afsonderlik van mekaar bestaan nie, maar saam verweef word.

Terwyl die teorie begin het as 'n verkenning van die onderdrukking van vrouens van kleur binne die samelewing, word die analise vandag toegepas op alle sosiale kategorieë insluitende sosiale identiteite wat gewoonlik as dominant beskou word wanneer dit onafhanklik oorweeg word.

Die sosioloog Patricia Hill Collins het drie hooftakke geïdentifiseer waarmee mens interseksionaliteit kan ondersoek:

*One branch deals with the background, ideas, issues, conflicts, and debates within intersectionality.* ***Another branch seeks to apply intersectionality as an analytical strategy to various social institutions in order to examine how they might perpetuate social inequality.*** *The final branch formulates intersectionality as a critical praxis to determine how social justice initiatives can use intersectionality to bring about social change.* (my klem)

Interseksionaliteit bestaan nie in Afrikaanse letterkunde nie. Bruin/swart vroue bestaan in die narratief, as die meid, die slaaf of die een wat die wit karakter help om hulself te vind.

EKM Dido en Diana Ferris, wie se werk sterk in teenstand is van die tradisionele narratief, bestaan in isolasie, die bruinvrouestem kan onafhanklik gehoor word, omdat dit wel bestaan, solank as wat die wit narratief dit nie onderdruk nie, behalwe die onderdrukking daarvan, kan elke bruin/swart vrou wat skryf nie net die spreekwoordelkike baton vat en vorentoe beweeg nie, sy moet altyd terug gaan.

Oor die jare het moderne feminisme wit vroue se bevryding en hul basiese menseregte deel van die samelewing geword. Meer wit vroue begin hul Christelike en tradisionele rolle en plekke onderdanig aan die wit man verlaat. Hierdie bevryding gebeur in direkte teenstelling met swart vroue en hul bemagtiging, want terwyl swart vroue deur dieselfde Christelike en kulturele kondisionering gaan, moet hulle daarby rasse-onderdrukking ook beleef. In die Afrikaanse letterkunde is die gaping vanaf die middelklas wit perspektief slegs ras, maar vanaf ŉ swart vrou se perspektief, is die gaping ras, armoede, klas, gender en die historiese agterstand ten opsigte van toegang tot dieselfde geleenthede en blootstelling waaruit wit vroue voordeel trek.

Vir my dra wit Afrikaanse vroue-digters by tot die onderdrukking en voortbestaan van rassisme en onderdrukking van gemarginaliseerdes binne die breë Afrikaanse gemeenskap deur die wyse waarop hulle skryf en marginale karakters uitbeeld, indien wel. Wit Afrikaanse vroue-digters kan ŉ unieke bydrae maak tot interseksionaliteit

omdat die land polities verander het vanaf ’n outoritêre regime na ’n meer demokratiese sosialisme; veral ook omdat hulle self onder patriargie onderdruk was maar nou voordeel trek uit die ekwiteits- en vroue-bemagtingsbeleid. Maar ek sien nie die veranderde stemme nie. Dit voel my hulle sit in werklikheid die patriargie bloot voort: *“al die hardcore wit meisies wat ek ken / dra eventually hulle pa of oupa se suits*”. Wanneer die gemarginaliseerdes egter *wel* in hulle werk opduik is hulle bediendes – vergelyk die dik boek saamgestel deur Ena Jansen waarin die huisbediende bladsye in die letterkunde beslaan – ook in die prosa deur karakters soos Melitie, Poppie en Agaat. Dit loop oor van die empatie, en ja, hulle worstel met vraagstukke soos wie ‘durf’ die subaltern hoor en beskuldigings van appropriasie, maar daar is skynbaar nie materiaal waarin die bruin en swart vrou ’n eweknie, ma of dogter is nie.

In bell hooks se boek, *Ain’t I a woman?* skryf sy oor hoe die wit Amerikaanse vroue en suffrajette meer bekommerd was oor morele kwessies as gelyke regte vir swart mense. Dit stem vir my ooreen met hul Suid-Afrikaanse tydgenote. (Sien ook *Sitting Pretty* deur Christi van der Westhuyzen) Die wit vroue wat saamgewerk het teen die afskaf van slawerny was meer gemaklik om met swart mans te werk. hooks wys daarop dat hierdie wit vroulike hervormers meer betrokke was by wit moraliteit as die omstandighede wat hierdie sedes vir swart Amerikaners veroorsaak het.
’n Digter soos Ingrid Jonker het nie noodwendig as feminis geïdentifiseer nie, maar sy het sterk gedigte geskryf oor haar lyding onder manlike figure en hoe sy die onderdrukking wat hulle bring, wil afgooi. In haar werk plaas sy ’n fokus op ’n sterk maar kwesbare vroulikheid, die komplekse verhoudings met die mans in haar lewe, die geworstel met ’n moeilike familie agtergrond en die stryd om geestesgesondheid.

Sy pleeg op ’n vroeë ouderdom selfmoord en skryf profeties oor haar noodlottige einde. Die nagevolge van hierdie narratief is vir my die totale onsigbaarheid van die interseksie van ras, klas en agtergrond en dit is nadelig vir enige feministiese uitsprake binne die Afrikaanse literatuur. Erger nog, die gaping word algaande verbreed en die onus lê dan uitsluitlik op swart of bruin skrywers om verantwoordelikheid te neem om die interseksie tussen, ras, gender, klas te bevorder in die literatuur.

> Sylvia Plath is te wit vir my
> my literêre heroes wen nie Generaal Hertzog pryse nie
> ek was nog nooit enige iemand se nooi of madam nie
> my poems is nie vir ’n Suffragette nie
> my poems is vir die aunties in die kombuis
> my poems is vir daai
> een overachieving swart en bruin laaitie in ’n klas
> vol wit kinders
> al die groot name in Afrikaans
> het boeke gepublish onder apartheid
> ek is die meid se kind
> en nou is ek groot
> en ek exchange my ma se blood sweat en tears
> vir gun powder in makeshift bulletcasings
> vir die next generation
> sodat hulle armed kan wees
> en weet ons fight fire met fire
> julle gaan ons nie
> weer in ons rugte skiet
> terwyl ons in vrees
> weghardloop nie

**Kreatiewe konteks**

Om te illustreer wat ek bedoel, kyk ek kortliks in hierdie afdeling na ’n paar gedigte van wit vroulike Afrikaanse digters wat handel oor hulle eie ma’s. In Elisabeth Eybers se sonnet ‘Terugblik’ (*Balans*, 1962) beskryf sy hoe haar ma, wat sy aanspreek as Moeder, haar eerste sekerte was. Hoe sy as kind bevrees gemaak is deur haar dominee pa vir ‘sonde’ en die ‘wrede web’ van Calvyn, maar hoe sy dan snags ‘verkluim, kaalvoet oor kwaste van die gang / voortstrompel na die vrystad van jou bed.’

In haar bekende gedig ‘Oorsig’ (*Balans*) word haar ma as die teenvoeter van haar pa beskryf: hy was bedag op die ‘boosheid van die vlees’, sy was ‘stiletskerp’; hy was gewapen met die Woord, sy het ‘gevit, gevra’ en ‘soveel verdriet verdra’. Van die Ma kom die droom en die onrus, die eensaamheid en hunkering, maar in haarself bly die digter gesplete tussen die twee persoonlikhede: ‘my vader was die dominee, / my moeder vlees en bloed.’

In ‘voorjaarsprokie vir my ma’ (*Sprokkelster*, 1977) beskryf Marlene van Niekerk hoe haar ‘mamie’ staan voor haar kersieboom en ‘fluit soos ’n koningskanarie en droom / dat die son om haar kop soos ’n kroon / sal pas’ Die gedig het ’n gerusstellende wiegende ritme en rym hoewel daar ’n ondertoon is van die verdwyning van die ma wat ‘kop in een mus’ is met die lente.

In die ikoniese gedig ‘Ma’ van Antjie Krog (*Dogter van Jefta*, 1969) lees Louise Viljoen ŉ ‘intense en ambivalente’ verhouding tussen die skrywende ma en dogter. Die woorde ‘beitel’ en spits dui op die ‘harde manier’ waarop die dogter geslyp word, die ingeperktheid en afsondering wat die ma se beskerming op die dogter afforseer. Terselfdertyd is daar ook dankbaarheid vir die beskerming van die ma en dat sy as tussenganger dien tussen die kind en die buite-wêreld.

In al drie hierdie gedigte is die moeder in hoofsaak ’n gerusstellende figuur wat die dogter nie net fisies beveilig nie, maar haar ook intellektueel prikkel en versorg.

’n Ander soort ma word geteken in *Afskeide* (1982). Olga Kirsch wy ’n lang gedig aan haar ma. Die gedig word geskryf op die dag waarop haar ma begrawe word in Suid-Afrika terwyl Kirsch in Israel is. Sy het duidelik nie goed met haar ma oor die weg gekom nie: ‘Nie teerheid en fermheid nie, maar die grimmige mag / van gewete en vrees’ kenmerk haar kinderjare. Sy skryf dat haar ma ‘ingetrokke en afgesonder’ gebly het in die land waarheen haar ouers uit Europa gevlug het; dat die jare van liefdeloosheid ’n ‘barre kontrei’ agtergelaat het in haar hart en in die huis.

Hoewel hierdie slegs ’n klein seleksie is en hoegenaamd nie in diepte ontleed nie, kan ek reeds met sekerheid sê dat ek my volkome ontuis voel binne hierdie konteks. Nie eers die opstand van Krog of die wanverhouding tussen Kirsch en haar ma vind enige aanklank by my nie. Eerstens is die ma’s in die gedigte opvallend geskool en beweeg met selfvertroue in hulle milieu. Tweedens is daar ’n onderliggende welvaart in hierdie huishoudings wat die moeders in staat stel om hulle dogters te beveilig en op te voed. Derdens weet ek uit my eie lewe dat daar agter die moeders ’n ander swart ‘moeder’ was wat die huishoudings versorg het waarin ma en dogter mekaar so kon beïnvloed. Maar, en dit is vir my belangrik, ek vind in die tekste hoegenaamd geen

ruimte of selfs ’n geringe gaping waarin ek my ma vir ’n flitsende oomblik in ’n deuropening kon gewaar nie.

Ek weet ek is nie die eerste vrou wat in Afrikaans skryf nie, ek is ook nie die eerste bruin vrou wat in Afrikaans skryf nie, Soos vroeër genoem, Dido en Ferris se werk was baanbreker, alhoewel ek hulle kon lees en inspirasie vind, kon ek nie help om te voel asof die spasie waar hulle in skryf beperk is en dat die oopskryf van daardie stories nie juis die hoofstroom roer om notisie te vat van hoe problematies die reeds geskrewe narratief is nie. Wit skrywers het nie ophou geromantiseerde stories oor die meid met die goeie hart skryf nie. As skrywer en leser vind ek myself baie meer tuis onder swart of queer Amerikaanse skrywers, bv Dorothy Allison. In haar *Bastard out of Carolina*, ’n outobiografiese vertelling van Allison se lewe as slagoffer van seksuele geweld en armoede in die suide van Amerika, maak die ma verskonings vir die stiefpa se gedrag. Sy forseer indirek die hoofkarakter, Bone, om te glo dat Daddy Glen, die stiefpa, ’n slagoffer van sy eie pa se woede is. Sy gebruik ook haar eie swaar lewe en tekort aan lewenskeuses as konstante voorbeeld van hoe onregverdig die lewe veronderstel is om te wees. Bone sien ook dieselfde tipe selfverloëning in haar tantes en hoe hulle hul lot aanvaar en lyding dra soos ’n wapen van eer.

> *I made my life, the same way it looks like you're gonna make yours—out of pride and stubbornness and too much anger. You better think hard, Ruth Anne, about what you want and who you're mad at. You better think hard.* - *Bastard Out of Carolina, Dorothy Allison*

Bone sê elders: *He smiled, and for the first time I saw the smile in his eyes as plain as the one on his mouth.* As ’n mens hierdie reël onafhanklik lees, kan dit op die mees onskuldige manier interpreteer word, selfs binne die konteks van *Bastard out of Carolina*, as iets hoopvols of ’n kalm oomblik in die hoofkarakter Bone se onstuimige

lewe. Maar dit is nie. Dit is die glimlag van Daddy Glen net voordat hy vir die heel eerste keer vir Bone molesteer. Daddy Glen wys iets omtrent homself en Bone sien hom in die kort oomblik vir wat hy is.

Dorothy Allison wys hier hoe sy met fyn detail die kompleksiteit van mishandeling vasvang. Die feit dat Dorothy Allison se werk semi- outobiografies is, beteken nie dat dit die literêre waarde van die teks ondermyn nie. Inteendeel, die eenvoud van hoe sy verskriklike oomblikke vasvang, kan gesien word as dieselfde wat 'Language poets' doen. Die leser word toegelaat om betekenis te bring aan hoe hul die teks sien.

'n Ander interessante swart Amerikaanse digter is Lucille Clifton. Sy gebruik die mitologiese karakter Leda as haar mondstuk wanneer sy die 20ste eeu se swart Amerikaanse vroulike ervaring beskryf. Leda verteenwoordig die ekstreme vernedering van seksuele geweld deur haar pa. Die verkragting van die mitologiese Leda deur haar pa, Zeus, in die vorm van 'n swaan, skep 'n raamwerk om die gemutileerde self vas te vang. In haar gedigte druk Clifton die verontwaardiging, woede en pyn uit van haar en haar susters vanweë hulle pa se gedrag. In "Leda 1," skryf sy:

*my mother moved*
*to another town. my father*
*follows me around the well,*
*his thick lips slavering,*
*and at night my dreams are full*
*of the cursing of me*

In "Leda 3" rig sy haar woede op die patriargie. Clifton skep vir haar 'n persona wat haar ervarings kan uitdruk. Hoewel ek dit besonder interessant vind hoe die verwerking van Clifton die basis van alle misbruik lê aan die voete van die fondasie

van die Westerse beskawing, voel dit tog problematies om by die Griekse legendes, reeds so vrot van hulle eie patriargie, ’n persona te gaan haal.

**Metodologie**

My tesis ondersoek die komplekse verhouding tussen ʼn oortreder van seksuele geweld en ʼn slagoffer binne ʼn noue gesinseenheid: ʼn pa wat ongeskoold is en onder apartheid grootgeword het, die gebruik van geweld as kommunikasie-middel teenoor sy tiener-dogter en hoe hierdie verhouding die ander verhoudings binne die gesin beïnvloed. Ek ondersoek ook ʼn ma wat haar onafhanklikheid moet onderdruk om haar man se manlikheid te vestig en in stand te hou, asook ʼn dogter wat feminisme ontdek en ʼn jonger dogter wat tussen die twee vrouefigure probeer om haar eie identiteit te skep.

Die digbundel volg die gesin gedurende ʼn tydperk waartydens die slagoffer van die molestering en fisiese geweld aan die hande van haar eie pa, onder sielkundige behandeling is. Dit forseer die gesin om te erken dat dinge verkeerd is. Niemand in die gesin is egter emosioneel bevoeg om rasionale of goeie keuses te maak nie. Let wel, die fokus is nie die molestering nie, maar die gevolge daarvan, die trauma en die sielkundige effek wat dié vorm van geweld op die spesifieke slagoffer het. Die hoofspreker in die gedigte ervaar talle ander insidente van seksuele geweld. As jong kind probeer sy antwoorde soek en ʼn groot deel van haar konflik kom as gevolg van die onvermoë om te aanvaar wat met haar gebeur het en te aanvaar dat haar gesinslede nie in staat is om verder as trauma te beweeg nie.

Hierdie gevoelens van skande verander wanneer sy ouer word en haarself buite die gevaar van die Kaapse Vlakte bevind. Gedurende die proses waartydens sy haar posisie in die wêreld betree, besef sy dat geweld ’n mens as vrou volg ongeag waar jy

vandaan kom. Sy word verkrag, deur ʼn vreemdeling, in ʼn hotelkamer in ʼn vreemde land, maar hierdie trauma word onmiddelik geïnternaliseer en in teenstelling met die jonger self, word daar nie na vrede of geregtigheid gesoek in die latere gedigte nie. Die verteller in *Chinatown* beweeg vanaf ʼn introspektiewe en selfverloënende stem na iemand wat haar woede begin verstaan en gebruik as teenmiddel; die verteller besef ook dat haar gesinsdinamika ʼn spieël is van die wyer samelewing. *Chinatown* is ʼn ondersoek na die impak van vele vlakke van verdrukking wat vroue van kleur ervaar. As navorsing het ek teruggelees na my vorige bundels om die patroon te ondersoek van hoe ek oor mishandeling en geweld skryf. In my vroeë werk is die oortreder en slagoffer twee teenoorgestelde stemme, maar in *Chinatown* word die perspektief van oortreder as multi-dimensioneel ondersoek en sy slagofferskap bevraagteken. *Chinatown* verken ook meer as een oortreder: daar word gekyk na die wit man maar veral ook na die rol van wit Afrikaanse vroue ten opsigte van patriargie.

**Titel en konteks**

Hoewel die titel *Chinatown* by ʼn sekere generasie die inhoud oproep van die Hollywood film met dieselfde naam wat ʼn insestueuse verhouding tussen pa en dogter gebruik om die verkragting van grond te illustreer, gebruik ek dit veel meer komtemporêr. My titel *Chinatown* kom van die winkel-sentrums met dieselfde naam wat oor die afgelope jare oral in Suid-Afrika oopgemaak het. Hierdie Chinese besighede verskaf nie net produkte direk uit China nie, maar ondersteun ook massa-immigrasie van Chinese burgers waarvan sommige argumenteer dat hulle probeer om weg te beweeg van die land se politieke stelsels deur hulself te vestig in Afrika. Die ironie van dié daad van verset of rebellie is dat dit eintlik maar net die posisie van

China as wêreld-ekonomie versterk maw juis uit die verset word die status quo gehandhaaf.

ʼn Uittreksel uit die artikel *China Town malls in South Africa in the 21st century: Ethnic Chinatowns or Chinese state projects?* deur T. Tu Huynh:

> *In recent years, wholesale centers that sell Chinese goods and which, most often, are owned by Chinese nationals or ethnic Chinese entrepreneurs, have proliferated across South Africa at the same time as the increase in migration of individuals and capital from China. Because these centers also provide for retail sales, they are referred to as malls. While many of these malls have names that suggest their possible connection to China, the few that are named ''China Town'' stand out. The latter, it is argued and demonstrated here, make claims to China's global ascendance and shed light on a conflicting relationship between Chinese diasporic communities and Chinese state politics. China Town-named malls are more than merely spaces of commerce; they also present an analytical space to think about how diverse types of Chinese actors become implicated in and negotiate their identity and relationship to China's shifting global image and politics.*

Een van hierdie winkelsentrums word die sentrale bymekaarkomplek vir die gesin in die digbundel. Dit spreek tot die feit dat hierdie ʼn onherroeplike disfunksionele gesin is en die rede vir hulle posisie is soos volg: die hoofkarakter sukkel om haarself los te breek uit die familie-politiek, dinamika en ideologie.

**Chinatown en die Suid-Afrikaanse feminisme van swart vroue**

Die gedigte in *Chinatown*, tree in gesprek met ander feministiese stemme, stemme wat nie tradisioneel as feministies gesien word nie maar wat ek persoonlik as

feministies beskou: die meid, die sterk swart vrou, die insta-feminis en die slagoffer-blameerder.

*<u>*Die Meid: interseksionele feminis*</u>**.** Die huishulp, hierdie tipe vrou kom ook baie in my werk voor, omdat my ma, ouma, meeste vroue in my lewe, bediendes of versorgers van wit mense was. Die interaksie tussen die 'meid en madam of miesies' is vir my fassinerend, omdat in baie gevalle die werkgewer en my ma dieselfde ouderdom of jonger was; die magsposisie het bepaal hoe hulle met mekaar omgegaan het. My interpretasie hiervan was dat die wit vrou en die wit man dieselfde was.

Die ander aspek van hierdie verhouding is hoe die mans hierdie verhouding met die 'meid' romantiseer het, Koos Kombuis het gesing oor sy bediende wat vir hom soos 'n ma was, maar sy was nie, sy was onderdruk, ongeskoold en wit mense het voordeel getrek uit die misbruik en mishandeling van generasies van vroue wat in hul huise werk.

**Katie het kinders gehad**

*Kytie, Kytie, Kytie, jy was nie net 'n meid nie, maar 'n ma vir my.*

*– Koos Kombuis, "Kytie"*

my auntie Katie was sestien toe sy in service begin
werk het sy het net tot standerd 5 skoolgegaan
my ouma auntie Katie se ma was ook 'n huishulp
my auntie Katie was 'n baie glamorous vrou haar
hare het altyd blonde streaks in gehad sy het net
goue jewellery gedra en het nêrens sonder haar musky
perfume en rouge lipstiffie gegaan nie
behalwe
werk toe 'n mens moet altyd jou werk met pride doen

het my ouma haar gesê maar sy kon nie het sy geantwoord
sy wou lyk soos
sy voel het sy gesê soos die meid

*<u>*die #insta-feminist*</u>: Een van die vernaamste byprodukte van sosiale media is die *woke* generasie. ŉ Tak van hierdie verskynsel is die *#insta-feminist*. Hierdie tipe feminisme is meestal positief, want dit kweek ŉ algemene bewustheid van kwessies wat vroue in die wêreld raak. Die enigste negatiewe aspek daarvan met direkte betrekking op die bruin gemeenskap is dat die *wave* weereens die 'kleiner' probleme oorslaan, dinge soos, *colourism*, taal, dialek, ekonomiese posisies, geloofskonflik binne die bruin families. Konflikte dieper as identiteitspolitiek of respekbaarheidspolitiek word soms heeltemal geïgnoreer. Ek skryf hieroor in *Hammie*:

**Vetste vlieë**

Daar's 'n nuwe breed
van vintage-wearing bruin meisies
wat eers hulle hare straight gesool
en Engels gepraat het
wat Foshini accounts gehad het
en net first class gery het

die type wat boyfriends gehad het
toe hulle nog burks
was die type wat offended geraak het
as ek iets verkeerd scan agter die till by Clicks
die type wat die light skin gene
in die family gehou het

die type wat die mooiste meisie
in die township was
die type wat mooi was vir coloured mense
die type wat geglo het ’n aupair in Europe
is ’n title
die type wat met ou unattractive wit mans getrou het
want ambition het ’n bank account
en dit moet altyd vol bly
totdat die millenials online gegaan het
en almal hulle ghd’s en Sheen straighteners retire het
en hulle way terug ghetto toe gekoop het
hulle Johnny Depps replace het met Idris Albas
Michelle Obama Lupita Nyongo en Grace Jones
hulle women of strength gemaak het

almal ken ’n Alice Walker quote
luister hulle Jill Scott en support
hulle consciousness movements
hulle is on trend
hulle is instagram feminists
hulle protest in hulle blogs
hulle gebruik woorde soos booty fierce en pro choice
hulle deconstruct elke American tv series
en hulle is amper altyd kak dom

as hulle onder my vel inkruip
onthou ek my ma se woorde

na een van hulle eendag vir my laat huil het
omdat ek nie mooi was nie
daai tefies is soos paddas in die reent
hop van blaar tot blaar al nader
aan die nuutste bol stront
want daai is waar die vetste vlieë uithou

*die Antie-vrou*: seksuele geweld en slaggoffer blaam**.** bell hooks sê in *Aint I a woman?* dat die stereotipes wat tydens slawerny gestel is, vandag nog swart vroue raak. Sy het aangevoer dat slawerny die wit samelewing toegelaat het om wit vroue as die suiwer godin-maagd te stereotipeer en swart vroue te verskuif na die verleidelike hoer-stereotipe wat vroeër op alle vroue geplaas is, wat die devaluasie van swart vroulikheid en verkragting van swart vroue regverdig. Slagofferblaam en skaamte het ŉ lang geskiedenis in die veg vir gelykheid in vroueregte. Dit is gebou op die fondasie van patriargie en ingeweef saam met Westerse Christendom en godsdiens. Die vrou het ŉ rol en plek om vol te staan, maar belangriker is natuurlik dat die goeie vrou net kan bestaan as sy teen die slegte vrou afgespeel kan word.

Patriargie breek menslikheid op in manlik en vroulik; maar manlikheid het sy eie maatstawwe: vroulikheid is by verstek minderwaardig, dus is haar goedheid en haar slegtheid ook minderwaardig. As ŉ mens wit opperheerskap ook by tel, val die swart vrou baie laer ondertoe, dus haar slagofferskap en skaamte word onsigbaar in ŉ samelewing waarin sy nie bestaan nie.

Uiteindelik is die ‘onsigbaarheid’ van gemarginaliseerde vroue daarvoor verantwoordelik dat hulle direk en indirek mekaar se grootste onderdrukkers word. Moeders en dogters, vriendinne onder mekaar, vroue wat kies om by oortreders te staan, omdat as jy ŉ vrou is wat leef en bestaan op hierdie grense behoort jy te weet dat simpatie of geregtigheid ŉ swakheid is. Swart vroue moet bewys dat hulle waarde

het en ’n manier om in arm gemeenskappe waarde te bepaal is om die metodes van wit oppermag toe te pas, want dit is al standaard wat universele waarde het.

“Box Cutters” uit *Hammie*, vertel die spreker bloot wat sy so pas deur is, ’n gewelddadige aanval, maar haar ouma is ongeaffekteer daardeur. Die ouer vrou se reaksie teenoor die jonger vrou is nie omdat sy nie omgee nie of omdat sy dink die jonger vrou verdien die tipe geweld nie, haar reaksie is bloot prakties, as sy nou gaan stil word en geweld erken, gaan sy dieselfde moet doen oor haar eie ervaringe. Die beste en veiligste opsie is om net aan te gaan asof niks gebeur het nie.

**Box cutters**

ek kan nie presies onthou
wat daai dag alles gebeur het nie
ek weet ek was alleen
dit was oggend
drie mans in werksklere
’n grasmasjien
’n box cutter
een het my van agter gegryp
die ander het die box cutter teen my keel gedruk
die ander een het my bene onder my uitgeslaan
toe ek op my rug val
toe sien ek die kar om die draai kom ’n groen kar
ek het geskree nee nee
help my help my
die mans het my gelos en begin hardloop
ek het opgespring

en na die groen kar gehardloop
die kar het stadiger gery
tot ek naby genoeg was
dat hulle die bloed in my nek kon sien
toe jaag hulle vinnig weg
ek het stadig huis toe gestap
toe ek die voordeur oopmaak
vertel ek my ouma wat gebeur het
sy staar vas teen 'n dooie muur
en sê ek moet winkel toe gaan
om brood te gaan koop

Baie van die gedigte vanuit my eerste bundel is direk in gesprek met gedigte uit *Hammie*. "Daar is sekere dinge" en "As seer nie meer seer is nie", stel twee verskillende tydperke van die verteller se lewe voor, die idee dat die uiterse verraad wat oorgedra word in *Noudat slapende hond*e, sonder enige dramatiese konfrontasie opgelos word. Die bitter ironie is dat die ma kort na die oplos van die probleme in die verhouding, sterf en die res van die bundel fokus op die gevoelens van verlies. Uit *Noudat slapende honde*:

**Daar is sekere dinge**

Daar is sekere dinge
wat 'n mens kan vergewe en vergeet
dan is daar sekere dinge
wat jy altyd moet haat en onthou
ek dra swaar aan my ma
sy's die een wat my nie gekies het nie
sy't gesê dis fine

en as jy ’n dogter is en jou ma glo jou nie

kan die Here afkom aarde toe

en vir jou ’n kroon op jou kop sit

dit sal fokkol beteken nie

jy is die dogter

en jou ma glo jou nie

Uit *Hammie*:

**As seer nie meer seer is nie**

’n week voor my ma se dood

stry sy en Allisen

ek ken nie die hele storie nie

maar ek side met Allisen

ek ignore my ma die heel naweek

die Sondagaand kom sit sy

met haar teddybear nighty

en blourollers in haar hare

op my bed

sy mompel iets van my

wat moet ophou rook

jou kind gaan met ’n bloubek gebore word

ek rol my oë en sê is fine

sy bly stil

sak haar kop in haar hande

en begin snik

jirre Ronelda moet jy nie ook

my verwerp nie
ek kry dit klaar van alle kante af

ek skrik en gaan troos haar
ek sê sorry Hammie ek's net kwaad
ja my kind ek weet ek is so jammer
oor alles
ek sê net is okay Hammie daai's ou kak

want as 'n ma sorry sê
is dit asof die Here afkom aarde toe
en vir jou kroon op jou kop sit

Al dié feministiese stemme verteenwoordig vroue van kleur, vroue ekonomies gemarginaliseer en vroue wat hulself buite die feministiese narratief definieer.

## Ten slotte

*Taking a new step, uttering a new word, is what people fear most."*
*-Crime and Punishment*

In *Chinatown*, besef die karakter dat daar vir haar, as swart vrou in 'n gewelddadige township, geen aansluiting bestaan by die wit Afrikaanse vrouestem nie. Wit bevryde Afrikaanse vroulike stemme het net soos die Chinese burgers weg beweeg van hul eie groep se politieke en sosiale onderdrukking en alhoewel dit lyk na groot teenstand of opstand, dra dit by tot die onderdrukking en die voortbestaan van wit oppergesag binne die letterkunde.

My feminisme is dus ingeweef met die daaglikse lewens van die karakters waaroor of waardeur ek skryf, in my daaglikse bestaan kruis interseksies, daarom bestaan dit in my werk.

Vir *Chinatown* het ek al my interseksies saamgevleg om ŉ omvattende stem te skep, een wat alle aspekte van my leefwêreld saamvat: die landelikheid, die Kaapse Vlakte, armoede, geweld, die kind, jongmens, vrou, ma en skrywer in die Afrikaanse letterkunde. Camus sê:

> *Mostly, I could tell, I made him feel uncomfortable. He didn't understand me, and he was sort of holding it against me. I felt the urge to reassure him that I was like everybody else, just like everybody else. But really there wasn't much point, and I gave up the idea out of laziness.*

Ek skryf oor geweld en seksuele geweld. Dit is nie ‘n vorm van terapie nie, ook nie van belydenis nie. In *Chinatown*, skryf ek óór die terapie.

Skoonheid, suiwerheid in die Afrikaanse letterkunde is ŉ apartheid-letterkunde konsep. Dit kan nie daarvan verwyder word nie, op dieselfde manier waarop jong wit Afrikaanssprekendes steeds na hulself as blankes verwys of die minder kras, “kommin” of kitsch kenmerke en eienskappe van hul voorvaders herwin, sonder om in diepte na te dink aan hoe dit die res van ons affekteer. Asof jy die woord Blanke kan skei van apartheid, asof ek die woord boer kan skei van polisie.

Dorothy Allison, stel dit soos volg:

> *I’m a storyteller. I’ll work to make you believe me. Throw in some real stuff, change a few details, add the certainty of outrage. I know the use of fiction in a world of hard truth, the way fiction can be a harder piece of truth. The story of what happened, or what did not happen but should have—that story can become a curtain drawn shut, a piece of insulation, a disguise, a razor, a tool*

*that changes every time it is used and sometimes becomes something other than we intended. The story becomes the thing needed.*

Ter afsluiting: die Afrikaanse letterkunde is by verstek wit; die konteks en verwysings is wit; die Afrikaanse letterkunde is die historiese wapen van verdrukking. Die standardisering van Afrikaans was ŉ vorm van verdrukking en geweld. Standaardafrikaans is die taal van die apartheidstelsel.

As post-apartheid skrywer in ŉ letterkunde waar daar geen realistiese verteenwoordiging vir jou bestaan nie, maar wel ŉ historiese karikatuur van wat jy veronderstel is om te verteenwoordig, is dit onmoontlik om in te val of aan te sluit by ŉ beweging of styl. Alle historiese letterkunde in Standaardafrikaans kom vanuit verdrukking en al literêre tydperke is, apartheid of post-apartheid. Deur te maak asof daar nou ’n gelyke verhoog is vir skrywers om hulle waarhede te vertel, dra by tot die verdere onderdrukking van almal in die Afrikaanse gemeenskap.

As die Afrika in Afrikaans gesoek of bevraagteken word, rus dit op bruin skrywers om die geskiedenis van die oorsprong van die taal te verdedig. Die sogenaamde taboes, belydenisse of rou en onverskrokkenheid in my werk kom vanuit eeue-lange verdrukking en kan nie tot ŉ literêre tydperk of beweging beperk word nie. Geweld is nie ŉ tema nie, dit is ŉ inherente bestaan van die ruimte waarvan ek skryf. Die ruimte waarin mense daagliks hul bestaan voer.

James Baldwin sê*: A child cannot be taught by anyone who despises him, and a child cannot afford to be fooled.*

Die knaende stem in my kop as ek Afrikaanse letterkunde lees is, “is die wit skrywer moontlik ‘n rassis?”

“hoe verwyder ek die skrywer van die skryf?” Op dieselfde manier wat ‘n mens nou sangers en akteurs se geskiedenis Google, net ingeval hulle problematies is of was en jy nie van iemand hou wat vroue mishandel het in die 1960s nie. My woede is nie teen die mens nie maar teen die voortsit van ‘n narratief wat nie die Afrikaanse letterkunde verryk of verruim nie. Ek dink die argument is nie, kyk vir my ek is kwaad nie, die argument is kyk na jouself as mens en as skrywer. Hoe stel ‘n mens die wanbalans reg, hoe beweeg ons vorentoe? Pryse? Verskonings? Eerlike diskoers?

Wel, literêre pryse maak nie reg wat fundementeel verkeerd is nie. As ek ‘n prys wen en die prys gee geld, loop daai geld soos ‘n honger kind van huis tot huis en gaan gee al die bietjies suiker en units krag en water terug vir almal wat weet hoe lank ’n mens arm kan bly.

Bruin vroue skrywers in Afrikaans is nie net ’n *wave* nie, of die Afrikaanse weergawe van wat die ander onderdrukte en gemarginaliseerde vroue doen nie. Onderwysers, dosente, akademici, literêre krititici, resensente, letterkunde feeste, kunstefeeste, uitgewers, literatuur webtuistes, Afrikaanse TV en film moet verantwoordelikheid vat vir hoe hulle kodes bly domineer en begin leer om sonder ’n selfbeskermingsmentaliteit te werk te gaan.

Ek skryf vir die antie in die kombuis. En hoewel sy nie geld het om my werk te koop nie en sy miskien my nooit sal lees nie, is dit met haar wat ek praat. Omdat ek haar sien vir wie sy regtig is, omdat, sy nie net die een kant van my sien nie, sy sien iets van haarself en ek sien iets van myself in haar, dit is waar wit feministe my verloor, hulle sien nie wat ek sien nie, die argument is nie hoor my nie, die argument is sien my. As ek ’n paar jaar vroëer gebore was, iewers in die mid-sewentigs, was ek vandag die auntie in die kombuis. Voor ek my pad gevind het na skryf toe, enkele weke voor

ek gepubliseer was, het ook sakkies gepak, vloere gemop en oumense se bedpanne leeggemaak. Gelyke verteenwoordiging en eerlike diskoers is nie ‘n akademiese argument nie. Afrikaanse letterkunde moet die wanbalans wat geskep is deur onderdrukking aanspreek. Ek doen dit en dit is die kleur van my feminisme.